



SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE


12/12/95 EU
Teng 24/11/95
TERUG



182571807F



* 2 8 7 1 7 4 *



**Inkomste- en kostestrukture van
nasionale varsproduktemarkte in
die Republiek van Suid-Afrika**

RGN-Reeks: Varsprodukte-onderzoek

Reeksredakteur: Sieg Marx

Gepubliseerde titels

1. **Prysvorming by die bemarking van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** D S Langley, J van Zyl.
2. **Distribusie van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** J A de Villiers, J G van Deventer.
3. **Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke.** D B J van Rensburg.
4. **Standardisation of the grading, packaging, labelling, inspection, pallatisation and control systems in the fresh produce industry in the Republic of South Africa.** M A Louw, P F Birkby, J J Steenekamp.
5. **Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
6. **Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
7. **Bylae B: Inkomste- en kostestrukture van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.**
8. **Inkomste- en kostestrukture van markagentskappe op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
9. **Eienaarskap van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** LHA-Bestuurskonsultante.
10. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur private huishoudings in die metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
11. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
12. **Reklame-aangeleenthede met betrekking tot die bemarking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika.** Departement Bedryfs-
ekonomie, Universiteit van Pretoria.
13. **Laws, by-laws and regulations which apply to fresh produce markets and the marketing of fresh produce.** K Miller, R Hirschowitz.
14. **Funksionarisse, bestuurstelsels en bedryfsvoering op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
15. **Hoofverslag: Bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Sieg Marx

**Inkomste-en kostestrukture van
nasionale varsproduktemarkte in
die Republiek van Suid-Afrika**

© Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria, 1991

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of met enige elektroniese of meganiese middel weergee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of inligtingsbewing.

RGN BIBLIOTEEK	
1991 9. 03.	
HSRC LIBRARY	
STANDKODE	AANWINSNOMMER
001.3072068	088391
HSRC FPI 6	

Uitgegee deur
RGN-Uitgewers
Privaatsak X41
0001 Pretoria

Voorwoord

Die ondersoek na die bemerking van varsprodukte in die RSA het 'n wye terrein bestryk soos duidelik blyk uit die lys navorsingstemas wat op die binneblad van hierdie verslag verskyn.

Die hoofdoel van hierdie navorsing is om relevante en bruikbare inligting aan die beleidmakers en bedryfsvoerders beskikbaar te stel op grond waarvan hulle moontlik beter besluite in belang van die varsproduktebedryf kan neem.

Die belangrikste beginsels wat die ondersoek ten grondslag lê, is wetenskaplikheid en onpartydigheid. Verder is gepoog om diepgaande, demokratiese en aanbevelingsgerigte navorsing binne 'n relatief kort tydsbestek te doen.

Ten einde die doelwitte te bereik en die beginsels te verantwoord, is al die belanghebbendes by die varsproduktebedryf, te wete produsente, verbruikers, markeienaars, markbesture, markagente, groothandelaars, kleinhandelaars, die kettingwinkelgroepe, institusionele kopers, die informele sektor, bemarkingsrade en beurse, die sentrale en provinsiale owerhede, die georganiseerde handel, vervoerinstansies en verskaffers van landbou-insette deur middel van posopnames en/of groeppesprekings en/of persoonlike onderhoude by die ondersoek betrek.

Waar toepaslik, is bepaalde aspekte van die bemerking van varsprodukte in die RSA, ook in die lig van oorsese bemarkingspraktyke, in perspektief geplaas.

Dit word vertrou dat die inligting in hierdie verslag wat oor die "Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarkte in die Republiek van Suid-Afrika" handel, die betrokke bedryfsvoerders in staat sal stel om die regte dinge die eerste keer reg te doen en hulle besluite so te neem dat tydig, ekonomies en effektief aangepas kan word by die huidige en toekomstige geleentheid en bedreigings in die varsproduktebedryf.

Ten slotte 'n opregte dankwoord aan:

- Minister Jacob de Villiers, voormalige Minister van Landbou, wat die ondersoek goedgekeur het en die fondse daarvoor bewillig het.
- Die Departement van Landbou en die Kommissie vir Varsproduktemarke vir hulpverlening.

- ❑ Die Hoofkomitee en tien werkkomitees vir vakkundige en bedryfskundige bydraes.
- ❑ Instansies en individue uit die varsproduktebedryf vir finansiële bydraes.
- ❑ Die deelnemers aan die ondersoek vir inligting, voorstelle en standpunte.
- ❑ Die navorsers vir hulle taak.
- ❑ Mnr. Dave Langley vir vakkundige koördinerings.
- ❑ Mev. Elsa Geldenhuys vir administratiewe koördinerings.
- ❑ Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en meer bepaald die divisie Menslike Hulpbronstrategieë van die Groep: Menslike Hulpbronne vir verskaffing van 'n infrastruktuur.
- ❑ Die Topbestuur van die Universiteit van Pretoria wat toegestem het dat ek die ondersoek as navorsingsdirekteur kon lei.

SIEG MARX
Reeksredakteur

Maart 1991

Inhoudsopgawe

Bladsy

Bestuursopsomming	xv
1 Inleiding, metode van ondersoek en struktuur van die verslag	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Teikengroepe in die ondersoek	1
1.3 Doel van die ondersoek	2
1.4 Vertolking van die opdrag	2
1.5 Metode van insameling van data	3
1.5.1 Verkennende gesprekke	3
1.5.2 Onderhoude en vraelyste	4
1.5.3 Opvolging van vraelyste	4
1.6 Struktuur van die verslag	4
1.7 Afkortings, begripsbepaling en afrondings	5
1.7.1 Afkortings	5
1.7.2 Begripsbepaling	5
1.7.3 Afrondings	5
2 Vraelyste in die ondersoek gebruik	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Die vraelyste in die ondersoek gebruik	7
2.2.1 Vraelys oor die bates, inkomste en omset van NVPM'e: Bylae A2	7
2.2.2 Personeelvraelys: Bylae A1	8

3	Funksionele ontleding van personeelkoste van die 15 NVPM'e	11
3.1	Inleiding	11
3.2	Die groot markte	12
3.3	Die middelgroot markte	19
3.4	Die klein markte	28
3.5	Al die markte	35
3.6	Slotopmerkings	43
4	Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVPM'e	47
4.1	Inleiding	47
4.2	Die groot markte	48
4.2.1	Die totale bruto inkomste	48
4.2.2	Bedryfsuitgawes en die bedryfswins	48
4.2.3	Perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en die netto inkomste	59
4.2.4	Uitgawes van 'n kapitale aard en die netto oorskot of tekort	59
4.3	Die middelgroot markte	59
4.3.1	Die totale bruto inkomste	59
4.3.2	Bedryfsuitgawes en die bedryfswins	59
4.3.3	Perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en die netto inkomste	72
4.3.4	Uitgawes van 'n kapitale aard en die netto oorskot of tekort	73
4.4	Die klein markte	73
4.4.1	Die totale bruto inkomste	73
4.4.2	Bedryfsuitgawes en die bedryfswins	73
4.4.3	Perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en die netto inkomste	86
4.4.4	Uitgawes van 'n kapitale aard en die netto oorskot of tekort	86
4.5	Al die markte	86
4.5.1	Die totale bruto inkomste	86
4.5.2	Bedryfsuitgawes en die bedryfswins	97
4.5.3	Perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en die netto inkomste	97
4.5.4	Uitgawes van 'n kapitale aard en die netto oorskot of tekort	98
4.6	Slotopmerkings	98

5	Ontleding van die balansstate van die 15 NVPM'e	101
5.1	Inleiding	101
5.2	Die waardasie van die vaste bates van die NVPM'e	101
5.3	Die waardasie van die grond waarop die NVPM'e gevestig is ..	102
5.4	Die waardasie van die verbeterings	104
5.5	Die waarde van toerusting	105
5.6	Balansstate van groot markte	105
5.7	Balansstate van middelgroot markte	105
5.8	Balansstate van klein markte	109
5.9	Opgesomde balansstate van al die markte	109
5.10	Slotopmerkings	109
6	Finansiële verhoudings: 15 NVPM'e	115
6.1	Inleiding	115
6.2	Diverse opbrengs- en omsetsnelheidsverhoudings	115
6.3	Begripsbepaling by die berekening van die wins op totale bates	116
6.3.1	Totalle bates (Aktiewe bates)	116
6.3.2	Totalle verkope (Bruto inkomste)	116
6.3.3	Wins voor rente (Bedryfswins)	117
6.4	Omsetsnelheid van aktiewe bates	118
6.5	Winsmarge op totale bruto inkomste	119
6.6	Opbrengs op aktiewe bates	120
6.6.1	Kommentaar oor die opbrengs op aktiewe bates	120
6.7	Likiditeitsverhoudings	121
6.7.1	Die vlottende verhouding	121
6.8	Solvabiliteitsverhoudings	123
6.8.1	Munisipale belang in persentasie van totale bates	123
6.9	Slotopmerkings	123
7	Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle: 15 NVPM'e	125
7.1	Inleiding	125
7.2	Die groot markte	125
7.2.1	Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989	125
7.2.2	Die geldwaarde per ton produkte hanteer per jaar	128
7.2.3	Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar	128

7.2.4	Die geldwaarde van produkte verkoop per m ² onderdak marksaal per jaar	128
7.2.5	Die markgelde per m ² onderdak marksaal per jaar	128
7.2.6	Die tonnemaat produkte hanteer per m ² onderdak marksaal per jaar	128
7.2.7	Die bruto inkomste per m ² koel- en rypmaakgeriewe per jaar	128
7.3	Die middelgroot markte	128
7.3.1	Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989	128
7.3.2	Die geldwaarde per ton produkte hanteer per jaar	128
7.3.3	Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar	131
7.3.4	Die geldwaarde van produkte hanteer per m ² onderdak marksaalvloeroppervlakte per jaar	131
7.3.5	Die markgelde per m ² onderdak marksaal per jaar	131
7.3.6	Die tonnemaat produkte hanteer per m ² onderdak marksaal per jaar	131
7.3.7	Die bruto inkomste per m ² koel- en rypmaakgeriewe per jaar	131
7.4	Die klein markte	131
7.4.1	Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989	131
7.4.2	Die geldwaarde per ton produkte hanteer per jaar	134
7.4.3	Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar	134
7.4.4	Die geldwaarde van produkte hanteer per m ² onderdak marksaalvloeroppervlakte per jaar	134
7.4.5	Die markgelde per m ² onderdak marksaal per jaar	134
7.4.6	Die tonnemaat produkte hanteer per m ² onderdak marksaal per jaar	134
7.4.7	Die bruto inkomste per m ² koel- en rypmaakgeriewe per jaar	134
7.5	Al die markte	134
7.5.1	Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989	134
7.5.2	Die geldwaarde per ton produkte hanteer vir 1989	137
7.5.3	Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar	137
7.5.4	Die geldwaarde van produkte hanteer per m ² onderdak marksaalvloeroppervlakte per jaar	137
7.5.5	Die markgelde per m ² onderdak marksaalvloeroppervlakte per jaar	137

7.5.6	Die tonnemaat produkte hanteer per m ² onderdak marksaalvloeroppervlakte per jaar	137
7.5.7	Die bruto inkomste per m ² koel- en rypmaak- geriewe	137
7.6	Slotopmerkings	137
8	Gebruik van die bevindinge van die ondersoek:	139
8.1	Inleiding	139
8.2	Bedryfvergelykende inligting oor die 15 NVPM'e	139
8.2.1	Omskrywing van bedryfsvergelyking	139
8.2.2	Toepassings van die beskikbare bedryfsvergelykende inligting oor die 15 NVPM'e	140
8.2.3	Gebruik van die beskikbare bedryfsvergelykende inligting deur 'n bepaalde mark	140
8.3	Aanwending van die bedryfvergelykende inligting beskikbaar uit die huidige ondersoek	142
8.4	Slotopmerkings	142

Lys van Bylaes

Bylae B1 – B15 is afsonderlik gebind

Lys van tabelle

<i>Tabel</i>		<i>Bladsy</i>
3.1	Funksionele ontleding van personeelkoste (groot markte)	13
3.2	Funksionele ontleding van personeelkoste (middel-groot markte)	20
3.3	Funksionele ontleding van personeelkoste (klein markte)	29
3.4	Funksionele ontleding van personeelkoste (al die markte)	36
3.5	Personeelontleding vir al die 15 NVPM'e - 1989	44
4.1	Ontleding van inkomstestaat (groot markte) 1989	49-58
4.2	Ontleding van inkomstestaat (middelgroot markte) 1989	60-71
4.3	Ontleding van inkomstestaat (klein markte) 1989	74-85
4.4	Ontleding van inkomstestaat (al die markte) 1989	87-96
5.1	Vergelyking tussen die grondwaardasies soos gebruik deur BFA, LHA en die markowerhede se waardebe-palings	103
5.2	Vergelyking tussen die waardasie van verbeterings soos gebruik deur die BFA, LHA en die waardasie ver-skaf deur die markowerhede	104
5.3	Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 (groot markte)	106

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
5.4	Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 (middel- groot markte) 107
5.5	Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 (klein markte) 110
5.6	Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 (al die markte) 112
6.1	Diverse opbrengs- en omsetsnelheidsverhoudings 1989.... 119
6.2	Vergelyking tussen die likiditeits- en solvabiliteitsver- houdings van individuele markte 122
7.1	Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle (groot markte) 1989 126
7.2	Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle (middelgroot markte) 1989 129
7.3	Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle (klein markte) 1989 132
7.4	Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle (al die markte) 1989 135

Bestuursopsomming

1. INLEIDING

Aanvanklik is 4 teikengroepe vir die doeleindes van die ondersoek uitgeken, naamlik produsente en kopers van varsprodukte, die 15 NVPM'e en markagente wat op die 15 markte optree. Nadat dit vroeg in die ondersoek duidelik geword het dat 'n voldoende getal produsente en kopers nie in staat sou wees om inligting oor koste- en inkomstestrukture te verstrek nie, het die werkkomitee besluit om die 2 groepe as potensiele respondente uit te skakel.

Die ondersoek het dus uitsluitlik gehandel oor die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e en die markagente wat op die NVPM'e optree. Aangesien die verslag inderdaad neerkom op twee volwaardige bedryfsvergelings van twee heeltemal verskillende "sektore" van die varsproduktebedryf – elkeen met besondere, eiesoortige kenmerke, probleme en personeel-, inkomste- en kostestrukture, het die BFA besluit om die verslag in twee afsonderlike selfstandige verslae te verdeel:

- Die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e; en
- Die inkomste- en kostestrukture van markagente.

Aangesien die verslag oor die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e grootliks gerugsteun word deur inligting in Bylae B oor individuele markte wat baie detail en vergelykings oor elkeen van die 15 markte bevat, moet Bylae B saam met hierdie verslag gelees word. Omdat Bylae B nagenoeg 250 bladsye beslaan, is dit egter in 'n aparte omslag gebind. Die doel van die studie is om die winsgewendheid, doeltreffendheid, produktiwiteit en die opbrengs op die kapitaalinvestering in die NVPM'e te meet en om deur middel van vergelykings tussen die NVPM'e bestuursprobleme te probeer uitken.

2. VRAELYSTE IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK

Twee verskillende vraelyste, in beide landstale, is opgestel om inligting van die 15 NVPM'e te bekom. Voorbeelde daarvan is by die verslag aangeheg as:

- Bylae A1: Vraelys ten opsigte van personeel in diens van die NVPM.
- Bylae A2: Vraelys betreffende vaste bates, inkomste-ontleding en omset-samestelling.

Die vraelyste het in alle gevalle die betrokke NVPM se jaarverslag vir die boekjaar ge-eindig gedurende 1989 ingehou. In gevalle waar 'n jaarverslag nie gepubliseer is nie, is vir die finansiële state vir daardie boekjaar gevra.

3. FUNKSIONELE ONTLEDING VAN DIE NVPM'e SE PERSONEELKOSTE

Aangesien salarisse en lone verreweg die grootste uitgawepos in die kostestruktuur van 'n NVPM is, is daar 'n funksionele ontleding van salarisse en lone gedoen, waarvan die resultate in tabelle 3.1 tot 3.5 verskyn.

Die 15 NVPM'e bied werk aan 1 210 persone waarvan die 4 groot markte 827 in diens het, gevolg deur die 6 middelgroot markte met 274 en die 5 klein markte met 109 werknemers.

Die totale vergoeding van R23,8 miljoen per jaar is soos volg saamgestel:

Groot markte	16,6
Middelgroot markte	5,3
Klein markte	1,9
Totaal	R23,8 miljoen

Daar bestaan relatief min standaardisasie in die benaming van die verskillende take. Dit is dus moeilik om sinvolle vergelykings te tref tussen die individuele markte wat spesifieke take aanbetref.

Uitgedruk in 'n persentasie van die totale personeelkoste wissel die syfers vir die groter uitgaweposte soos volg:

- sekuriteit en toesighouding – van 36,94% in Johannesburg en 18,26% in Kaapstad tot 5,60% in Welkom
- kassierskoste – van 21,86% in Pretoria en 12,16% in Johannesburg tot 6,60% in Kimberley en
- onderhoud en skoonmaak – van 38,49% in Kimberley en 25,22% in Kaapstad tot 3,38% in Pietermaritzburg.

4. ONTLEDING VAN DIE NVPM'e SE INKOMSTE- EN KOSTESTRUKTUUR

Die ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVPM'e is in tabelle 4.1 tot en met 4.4 uiteengesit.

Markgeld lewer die grootste bydrae tot die totale bruto inkomste van die 15 NVPM'e, naamlik R52 910 599 of 86,38%. Die persentasie vir die groot, middelgroot en klein markte is 86,08%, 86,69% en 88,72%, onderskeidelik.

Ander bruto inkomste bydraes is hoofsaaklik koel- en rypmaakgeriewe (6,13%), huurgelde ontvang (4,13%) en die verhuuring van trollies (1,15%).

Personeelkoste teen R23 884 908 verteenwoordig 38,86% van die totale bruto inkomste vir al die 15 NVPM'e. Dit is verreweg die grootste uitgawepos en word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Administratiewe uitgawes vir al die NVPM'e beloop 8,68% van die totale bruto inkomste vergeleke met 8,67% vir die groot markte, 8,10% vir die middelgroot markte en 10,82% vir die klein markte.

Die koste van water en ligte is ook relatief hoog en bedra 5,30% van die totale bruto inkomste. Dit is gelyk aan R1,37 per ton varsprodukte hanteer en R10,58 per m² onderdak marksaal per jaar.

Onderhoud- en herstelkoste vertoonwoordig 5,52% van die totale bruto inkomste en dit is gelyk aan R1,43 per ton varsprodukte hanteer en R12,44 per m² onderdak marksaal per jaar.

Die totale bedryfskoste vir die 15 NVPM'e beloop R39 053 287, wat gelyk is aan 63,75% van die totale bruto inkomste. Die totale bedryfskoste vir die groot markte beloop 63,71% van die totale bruto inkomste teenoor 60,62% vir die middelgroot markte en 75,04% vir die klein markte. Die gemiddelde vir die klein markte is dus relatief hoër as die gemiddelde van 63,75% vir al die markte. Meer volledige vergelykings met betrekking tot individuele markte word in bylae B getref.

Die totale bedryfswins vir al die NVPM'e bedra R22 202 681 wat 36,25% van die totale bruto inkomste verteenwoordig. Die persentasies vir die groot, middelgroot en klein markte is onderskeidelik 36,29%, 39,38% en 24,96%.

Na aansuiwering van perseelkoste, rente betaal en ontvang en staatsubsidie, is die totale netto inkomste R18 061 515, wat gelyk is aan 29,49% van die totale bruto inkomste vir al die NVPM'e. Die groot markte het 'n netto inkomste gelyk aan 36,63% van die bruto inkomste behaal teenoor die middelgroot markte se 16,13%, maar die klein markte het 'n nadelige saldo van R227 649, wat gelyk is aan (-)5,91%, opgelewer.

Die finansiële jaarstate van die meeste van die markte bevat voorsienings vir uitgawes van 'n kapitale aard soos kapitaalinvestering, kapitale ontwikkeling en leningsdelging. Die items word slegs getoon om die netto oorskot of tekort vir die jaar, soos dit in die finansiële jaarstate van die NVPM'e verskyn, weer te gee. Vergelykings tussen die resultate vir die groot, middelgroot en klein markte, of vir individuele markte, met betrekking tot genoemde uitgawes van 'n kapitale aard, kan nie sinvol getref word nie.

5. ONTLEDING VAN DIE NVPM'e SE BALANSSTATE

Die ontleding van die grondwaardes, verbeterings en balansstate van die 15 NVPM'e word in tabelle 5.1 tot en met 5.6 uiteengesit.

Grond en geboue vorm die grootste enkele bato van die 15 NVPM'e, naamlik 88,65% van die totale bates. Beleggings wat feitlik uitsluitend deur groot markte gehou word, beloop 7,35%. Toerusting van markte beloop 2,63%.

Vlottende bates is relatief onbeduidend en beloop slegs 1,36% van die totale bates. Die markowerhede se belang in die 15 NVPM'e beloop 89,56% van die totale finansiering terwyl langtermyn lenings 7,92% van die totale finansiering uitmaak. Vlottende laste wat slegs by klein markte beduidend is beloop 2,52% van die totale finansiering.

6. FINANSIËLE VERHOUDINGSGETALLE: 15 NVPM'e

In hoofstuk 6 word 'n aantal verhoudingsgetalle gegee en bespreek ten einde die finansiële prestasie en aktiwiteite van die 15 NVPM'e te beoordeel. Die verhoudingsgetalle meet onder andere omsetsnelheid; winsgewendheid; likiditeit en solvabiliteit.

Die omsetsnelheid van die aktiewe bates is soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Aantal keer per jaar				
Gemiddelde omsetsnelheid van die aktiewe bates	0,13	0,09	0,08	0,11

Dit wil dus voorkom asof daar 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde omsetsnelheid van hul aktiewe bates bestaan.

Die gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste is soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste	36,28%	39,37%	24,95%	36,24%

Die gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste is die hoogste vir die middelgroot markte – hoofsaaklik omdat die Springsmark (51,84%) en die Klerksdorpmark (51,59%) heelwat bo die gemiddelde van 39,37% vir die middelgroot markte is; en ook omdat die winsmarge vir die Johannesburgmark (25,59%) heelwat laer as die gemiddelde van 36,28% vir die groot markte is.

Die gemiddelde opbrengs op die aktiewe bates is soos volg ;

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde opbrengs op aktiewe bates	4,58%	3,53%	1,96%	4,06%

Hier skyn daar weer eens 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde opbrengs op hul aktiewe bates te wees.

Die gemiddelde munisipale belang in die totale bates is soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde munisipale belang in die totale bates	94,18%	85,80%	64,59%	89,56%

Ook hier skyn daar 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde munisipale belang en die totale bates van die markte te wees.

7. DIVERSE STATISTIESE GEGEWENS EN VERHOUDINGS-GETALLE: 15 NVPM'e

Dit wil voorkom of daar 'n direkte verband tussen die grootte van die NVPM en die effektiewe benutting van daardie NVPM se onderdak marksaal-vloeroppervlakte is. Die redes is nie voor die hand liggend nie, onder andere omdat die verskillende produkte samestellings by die verskillende NVPM'e nie vir die navorsers beskikbaar is nie. Die enigste twee uitsonderings skyn te wees dat:

- die bruto inkomste van die kool- en rypmaakgeriewe, waar die gemiddelde vir die middelgroot markte relatief hoër as die gemiddelde vir die groot markte is en
- die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989 vir die klein markte die hoogste was.

Die redes vir die twee uitsonderings is ook nie voor-die-hand-liggend nie.

8. AANWENDING VAN DIE INLIGTING

Geen aanbevelings word gemaak nie. Die inligting wat vir hierdie tema ingesamel en verwerk is en in hoofstukke 3 tot 8 en bylaes B1 tot B15 weer-gegee word, bevat belangrike basiese inligting wat nodig mag wees om die aanbevelings wat moontlik mag spruit uit die ander ondersoek te kwantifiseer.

9. AANBEVELINGS DEUR WERKKOMITEE

Tydens die oorweging van die konsepverslae oor NVPM'e en markagentskappe het die werkkomitee aanbeveel dat die hoofkomitee versoek word om die volgende twee aanbevelings in die hoofverslag te inkorporeer:

Aanbeveling 1: Dat plaaslike owerhede en die Instituut van Markmeesters oorweging skenk aan die instelling van 'n gestandaardiseerde rekening-

Bestuursopsomming

kundige-/rekenaarstelsel vir alle NVPM'e, tesame met gestandaardiseerde afrekeningstate wat aan markagentskappe, produsente en kopers gelewer word; en

Aanbeveling 2: Dat markagentskappe en die Instituut van Markagente van S A opnuut oorweging skenk aan die gebruik van die gestandaardiseerde rekeningkundige stelsel (vir nie-gerekenariseerde agentskappe) wat alreeds in opdrag van die Instituut van Markagentskappe van S A ontwikkel is, of 'n gestandaardiseerde rekenaarstelsel vir dié agentskappe wat oor rekenaars beskik, tesame met gestandaardiseerde afrekeningstate wat aan produsente en kopers gelewer word.

Inleiding, metode van ondersoek en struktuur van die verslag

1.1 INLEIDING

'n Omvattende ondersoek na die bemerking van vars groente en vrugte in die RSA is op versoek van die varsproduktebedryf deur die Minister van Landbou goedgekeur. Die totale ondersoek is in tien temas verdeel waarvan hierdie verslag deel vorm van die tema:

“Die inkomste- en kostestrukture van belangegroepe betrokke by die bemerking van varsprodukte deur nasionale varsproduktemarkte (NVPM'e) in die RSA”.

Die Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria (BFA) is aangestel om die ondersoek te onderneem. Die verslag bevat onder andere die bevindings en aanbevelings wat spruit uit die ondersoek wat gedurende die tydperk Januarie tot Oktober 1990 uitgevoer is.

1.2 TEIKENGROEPE IN DIE ONDERSOEK

Vier teikengroepe is aanvanklik vir die doeleindes van die ondersoek uitgeken naamlik:

- produsente van varsprodukte
- markagente wat op die 15 NVPM'e optree
- die 15 NVPM'e en
- kopers van varsprodukte.

Alreeds in 'n baie vroeë stadium van die ondersoek het die werkkomitee besluit dat inligting oor koste- en inkomstestrukture nie by die verskillende soorte kopers verkry sou kon word nie en dat kopers derhalwe nie verdere aandag onder tema 10 sou verg nie.

By produsente sou die ondersoek na hul inkomste- en kostestruktuur tot die bemerkingskoste van varsprodukte en nie die produksiekoste daarvan

beperk word nie. Na verdere oorweging het die werkkomitee besluit dat faktore bestaan wat die bemarkingskoste so drasties kan beïnvloed dat vergelykings tussen produsente van dieselfde produkte nie sinvol sou wees nie. Die faktore is byvoorbeeld die afstand tussen die produsent en verskillende NVPM'e en die verskeidenheid van vervoermoontlikhede met of sonder verkoelingsgeriewe. Voorts het twyfel ontstaan of 'n voldoende aantal respondente gevind sou kon word, wat oor die noodsaaklike inligting wat vir die ondersoek nodig is, beskik. Dus is besluit om ook die produsente as teikengroep vir die doel van hierdie ondersoek uit te skakel.

Die ondersoek het dus uitsluitlik gehandel oor die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e en die markagente wat op die NVPM'e optree. Aangesien die verslag inderdaad neerkom op twee volwaardige bedryfsvergelings van twee heeltemal verskillende "sektore" van die varsproduktebedryf, elkeen met besondere, eiesoortige kenmerke, probleme en personeel-inkomste en kostestrukture, het die BFA besluit om die verslag in twee afsonderlike selfstandige verslae te verdeel, soos volg:

- ▣ Die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e; en
- ▣ Die inkomste- en kostestrukture van markagentskappe.

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die studie is om die winsgewendheid, doeltreffendheid, produktiwiteit en die opbrengs op die kapitaalinvesterings in die NVPM'e te meet en om deur middel van vergelykings tussen die NVPM'e, bestuursprobleme te probeer uitken.

1.4 VERTOLKING VAN DIE OPDRAG

Die ondersoek na die inkomste- en kostestrukture van die 15 NVPM'e is gegrond op die jongste finansiële jaarstate van die markte, asook op 'n vraelys waarin addisionele finansiële, sowel as personeel- en statistiese inligting versamel is. Persoonlike samesprekings met die betrokke munisipale owerhede, die stadsklerk en die topbestuur van die markte het verdere noodsaaklike inligting verskaf. Hieruit is ondermeer die volgende inligting getrek of bereken:

- ▣ totale omset van varsprodukte op die mark en gelde verdien op hierdie omset
- ▣ gelde verdien uit die lewering van dienste en uit ander inkomstebronne
- ▣ gedetailleerde eksploitasiekoste
- ▣ netto inkomste vóór rente betaal
- ▣ rente betaal
- ▣ netto inkomste na rente betaal

- tasbare vaste bates soos in die finansiële jaarstate getoon
- aansuiwering met betrekking tot tasbare bates wat nie in die finansiële jaarstate getoon word nie, maar wat wel vir die bedryf van die mark gebruik word
- aansuiwering vir die verskil tussen die boekwaarde van die tasbare bates en die beraamde huidige vervangingswaarde daarvan
- langtermyn-buitefinansiering, korttermynlenings en vlottende laste en
- diverse winsgewendheids-, diverse likiditeits- en omsetsnelheids- en ander verhoudings.

Alhoewel dit beoog was om ondersoek in te stel na alternatiewe bronne van inkomste vir die markte, het dit geblyk dat die saak ten nouste saamhang met eventuele gewysigde scenarios van bedryfsvoering wat in die hoofverslag voorgestel mag word. Dit kan byvoorbeeld tot gevolg hê dat die beskikbare oppervlakte van die mark baie meer intensief benut sal word omdat operateurs wat tans ruimte buite die mark gebruik het, waarskynlik na die mark sal verskuif. Derhalwe is daar in die stadium nie verdere ondersoek na die saak gedoen nie.

Sekondêre bronne is deeglik nagevors en bestaande inligting benut. Dit sluit onder andere die inligting in wat deur die BFA self tydens vorige ondersoeke versamel is, en ook die statistiek wat deur die Kommissie vir Varsprodukteemarke gepubliseer is.

1.5 METODE VAN INSAMELING VAN DATA

1.5.1 Verkennende gesprekke

Aanvanklik het die BFA verkennende gesprekke met 'n aantal persone gevoer tydens persoonlike besoeke aan of telefoniese skakeling met 'n verskeidenheid van instansies, soos:

- die Departement van Landbou
- die Instituut van Markagente van SA
- verskeie NVPM'e en
- Rade en Beurse.

Op hierdie wyse het die BFA:

- sy bestaande agtergrondkennis van die varsproduktebedryf verbreed
- persoonlike kontakte bewerkstellig met 'n aansienlike aantal senior persone by instansies wat in die varsproduktebedryf betrokke is en
- ondersteuning gewerf vir die insameling van data en die invul van vraelyste vir die doeleindes van die ondersoek.

1.5.2 Onderhoude en vraelyste

Tydens onderhoude met Markmeesters van al die NVPM'e, is hulle gemotiveer om aan die ondersoek deel te neem, vraelyste is oorhandig en verduidelikings oor die invul daarvan verstrekk.

1.5.3 Opvolging van vraelyste

Ten einde 'n 100% respons van die kant van die 15 NVPM'e te verseker, is die oorspronklike versoeke om vraelyste in te vul en finansiële state te verstrekk, of per FAKS, of telefonies en in enkele gevalle deur verdere persoonlike besoeke opgevolg. By sommige van die NVPM'e is sodanige opvolging tot vyf maal herhaal en het dit uiteindelik die verlangde 100% respons opgelewer.

Alle onduidelikhede of ontbrekende inligting in ingevulde vraelyste is of per FAKS of telefonies opgevolg en opgeklaar.

1.6 STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

Die verslag bestaan uit 8 hoofstukke, te wete:

Hoofstuk 1: Inleiding, teikengroepe in die ondersoek, die doel van die ondersoek, die vertolking van die opdrag, die metode van insameling van die data en die struktuur van die verslag, sowel as begripsbepaling, afkortings en afrondings van bedrae en persentasies.

Hoofstuk 2: 'n Bondige samevatting van die inhoud van die twee vraelyste wat in die ondersoek gebruik is.

Hoofstuk 3: 'n Funksionele ontleding van personeelkoste van alle NVPM'e en bespreking van resultate. Hierdie hoofstuk sowel as hoofstukke 4 en 7 word gerugsteun deur meer detail in bylae B van die verslag waarin dieselfde patroon van ontledings en besprekings ten opsigte van individuele markte verskyn tesame met verwysings na die gemiddelde resultate van NVPM'e met soortgelyke omsetgrootte sowel as die gemiddelde resultate van alle markte.

Hoofstuk 4: Ontleding van inkomste- en kostestruktuur van alle NVPM'e en bespreking van die resultate.

Hoofstuk 5: Ontleding van die balansstate van alle NVPM'e en kort 'n kort bespreking van die resultate. Die balansstate is met in agneming van die huidige beraamde waardes van grond en geboue en toerusting opgestel.

Hoofstuk 6: 'n Bespreking van diverse finansiële verhoudings wat bereken is.

Hoofstuk 7: Diverse statistiese gegewens van alle NVPM'e en verhoudingsgetalle daaruit bereken, tesame met 'n bespreking van die resultate.

4 *Hoofstuk 8:* Gebruik van die bevindinge van die ondersoek na tema 10(A).

1.7 AFKORTINGS, BEGRIPSBEPALING EN AFRONDINGS

1.7.1 Afkortings

Die volgende afkortings word gebruik, naamlik:

- *NVPM*: Een van die 15 nasionale varsproduktemarkte
- *NVPM'e*: Twee of meer van die 15 nasionale varsproduktemarkte
- *Groot NVPM'e*: Die NVPM'e te Johannesburg, Kaapstad, Pretoria en Durban
- *Middel NVPM'e*: Die NVPM'e te Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Springs, Pietermaritzburg en Klerksdorp
- *Klein NVPM'e*: Die NVPM'e te Welkom, Kimberley, Uitenhage, Vereeniging en Witbank.

1.7.2 Begripsbepaling

Vir die doeleindes van verslag beteken:

- *Koper*: 'n Persoon of onderneming wat vars groente en/of vrugte op 'n NVPM, op ander markte en/of deur middel van diverse ander distribusiekanale aankoop.
- *Markagent*: 'n Markagentskap wat deur een persoon, of 'n vennootskap of 'n ander organisasie van persone vir die verkoop, namens produsente, van vars groente en vrugte op 'n NVPM bedryf word.
- *Produsent*: 'n Persoon of onderneming wat 'n inkomste uit die produksie van varsprodukte verdien, hetsy as 'n geheel of 'n gedeelte van sy totale boedery-inkomste.

1.7.3 Afrondings

Tensy dit uitdruklik anders vermeld word, is persentasies tot twee desimale plekke en geldbedrae tot die naaste Rand afgerond.

HOOFSTUK 2

Vraelyste in die ondersoek gebruik

2.1 INLEIDING

Twee verskillende vraelyste, in beide landstale, is opgestel om inligting van die 15 NVPM'e te bekom. Voorbeelde daarvan word aangeheg as:

- *Bylae A1*: Vraelys ten opsigte van personeel in diens van die NVPM.
- *Bylae A2*: Vraelys betreffende vaste bates, inkomste-ontleding en omset-samestelling.

Die vraelyste moes in alle gevalle vergesel gaan van die betrokke NVPM se jaarverslag vir die boekjaar ge-eindig gedurende 1989. In gevalle waar 'n jaarverslag nie gepubliseer is nie, is gevra vir die finansiële state vir daardie boekjaar.

By die ontleding van die vraelyste en finansiële state was dit nodig om beleidsbeslissings oor sekere aangeleenthede te neem. Die beslissings is vervat in afdeling 2.3.

2.2 DIE VRAELYSTE IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK

2.2.1 Vraelys oor die bates, inkomste en omset van NVPM'e: *Bylae A2*

In die vraelys word die NVPM om die volgende besonderhede oor die bates en inkomste van en omset op die betrokke mark gevra:

GROND

Die totale oppervlakte, die historiese kosprys en huidige munisipale waardasie van die grond, waarop die NVPM bedryf word, asook die beraamde huidige waarde van die grond as 'n ander sakeperseel.

VERBETERINGS

Die totale afsonderlike oppervlakte van onderdak marksale, markvloer-ruimtes wat nie onderdak is nie, kantoorruimte beskikbaar vir verhuring sowel as die wat die markowerheid self gebruik, sakepersele en stoorkamers beskikbaar vir verhuring, koel- en rypmaakfasiliteite, parkeerareas en onontwikkelde grond. Voorts word inligting gevra omtrent die historiese kosprys van alle verbeterings sowel as die munisipale waardasie, versekerde waarde en huidige vervangingswaarde daarvan.

ADMINISTRATIEWE TOERUSTING EN ALLE ANDER VASTE BATES

Die hoeveelhede, historiese kosprys, versekerde waarde en beraamde huidige vervangingswaarde van altesame 12 groepe van vaste bates.

INKOMSTEBRONNE

'n Ontleding van die NVPM se inkomste volgens 'n lys van 13 moontlike inkomstebronne.

OMSETSAMESTELLING

'n Ontleding van die samestelling van die omset op die mark volgens die massa en verkoopswaarde van 10 groepe van varsprodukte.

Alle NVPM'e het die vraelys – Bylae A2 – ingevul en hul finansiële state vir die boekjaar ge-eindig gedurende 1989 aan die BFA verstrek.

2.2.2 Personeelvraelys: Bylae A1

Die NVPM is versoek om 'n afsonderlike personeelvraelys ten opsigte van iedere werknemer in diens van die markowerheid, in te vul. Inligting is gevra oor die personeellid se geslag, ouderdom, jaar van aanstelling (of maande diens indien korter as 'n jaar) en totale vergoedingspakket vir die belastingjaar geëindig 28 Februarie 1989. 'n Ontleding van die gemiddelde persentuele tyd wat deur elke werknemer aan verskillende aktiwiteite gewy word, volgens 'n lys van altesame 20 moontlike aktiwiteite, moes ook verstrek word.

Volgens die getal ingevulde personeelvraelyste wat deur die BFA ontvang is, het die totale personeel van die 15 NVPM'e op 28 Februarie 1989 uit 'n totaal van ongeveer 1 210 persone bestaan:

NVPM geleë te	Getal werknemers
Johannesburg	378
Kaapstad	202
Pretoria	164
Durban	83
Port Elizabeth	41

NVPM geleë te	Getal werknemers
Bloemfontein	45
Springs	38
Pietermaritzburg	62
Oos-Londen	58
Klerksdorp	30
Vereeniging	30
Welkom	24
Kimberley	26
Uitenhage	19
Witbank	10
Totaal	1 210

Die totale vergoedingspakket van die werknemers in diens van die 15 NVPM'e, vir die boekjaar geëindig gedurende 1989, het nagenoeg R23,8 miljoen bedra.

Funksionele ontleding van personeelkoste van die 15 NVPM'e

3.1 INLEIDING

Aangesien salarisse en lone verreweg die grootste uitgawepos in die kostestruktuur van 'n NVPM is, is daar 'n funksionele ontleding van salarisse en lone gedoen. Die resultate van hierdie ontleding verskyn in tabelle 3.1 tot 3.5.

Tabel 3.1 bevat die resultate van die 4 individuele groot NVPM'e asook die totaal vir hierdie 4 markte.

Tabel 3.2 bevat die resultate van die 6 middelgroot NVPM'e asook die totaal vir hierdie 6 markte.

Tabel 3.3 bevat die resultate van die 5 klein NVPM'e asook die totaal vir 5 markte.

Tabel 3.4 bevat die resultate van groot, middelgroot en klein NVPM'e, asook die totaal vir al 15 markte.

Tabel 3.5 bevat die resultate van die 15 NVPM'e ten opsigte van, onder andere, die totale jaarlikse vergoeding en die gemiddelde vergoeding per werknemer per jaar.

Die ontleding is gegrond op die inligting wat deur die markbesture aan die navorsers deur middel van die voltooië personeelvorms verskaf is. 'n Voorbeeld hiervan is as bylae A1 aangeheg.

Daar is voorsiening gemaak vir 20 verskillende aktiwiteite wat kortliks in die vraelys omskryf is. Alhoewel hierdie omskrywings in samewerking met sekere van die markbesture gedoen is, was daar nogtans 'n mate van verwarring met die interpretasie daarvan, veral met betrekking tot "arbeiders". In sommige gevalle is sekere aansuiwerings na samesprekings met die betrokke markbestuur gemaak.

Die individuele opgawes wat vir elke werknemer voltooi is, is in die rekenaar ingevoer. Die totale vergoeding wat sodoende verkry is, het feitlik

nooit ooreengekom met die totale personeelkoste wat in die inkomstestaat getoon is nie. Dit is waarskynlik weens die byvoordele wat nie altyd by individuele opgawes in berekening gebring is nie.

Indien verskille nie wesentlik was nie, is die resultate proporsioneel aangesuiwer om dit in ooreenstemming met die syfer op die inkomstestaat te bring. As gevolg hiervan is dit nie vir die navorsers moontlik om te bevestig dat vir elke personeellid wel 'n vorm ontvang is nie. Veral vir relatief laag besoldigde arbeiders is dit moontlik dat in sommige gevalle vorms vir sekere arbeiders nie voltooi is nie – waarskynlik as gevolg van die besondere groot personeelomset van die arbeiders.

Die resultate wat in tabelle 3.1 tot 3.5 vervat is, word vervolgens beoordeel. Die gegewens in die tabelle in bylae B1 tot B15, wat die resultate van individuele markte bevat, word soms ook gebruik. Die syfers is op die 1989 finansiële jaar van die betrokke plaaslike owerhede gegrond.

3.2 DIE GROOT MARKTE

Tabel 3.1 bevat die resultate van die funksionele ontleding van die personeelkoste vir die 4 groot NVPM'e, te wete Johannesburg, Pretoria, Durban en Kaapstad. Vir elke mark word die aantal persone, sowel as die totale vergoeding per arbeidstaak gegee.

▣ *Sekuriteit en toesighouding*

Tabel 3.1 toon dat sekuriteit en toesighouding 'n belangrike kostepos is. Die totale syfers vir die 4 markte is 284 persone met 'n vergoeding van R5 169 794. Dit is 31,14% van die totale personeelkoste. Dit verteenwoordig 'n bedrag van R3,16 per ton hanteer; R29,07 per m² onderdak marksaal per jaar; en 11,74% van die totale bruto inkomste. Volgens bylaes B1 tot B4 is die syfers vir die 4 individuele markte soos volg:

SEKURITEITS- EN TOESIGHOUDINGSKOSTE

Mark	% van totale personeel- koste	Bedrag per ton hanteer	Bedrag per m ² onderdak marksaal	% van totale bruto inkomste
	%	R	R	%
Johannesburg	36,94	4,79	41,43	16,08
Pretoria	29,05	2,96	26,12	11,31
Durban	35,15	2,66	31,90	10,11
Kaapstad	18,26	1,42	12,93	5,90

Volgens bostaande gegewens is die Johannesburgmark se personeelkoste vir sekuriteit en toesighouding proporsioneel die hoogste van die 4 markte en die syfer vir die Kaapstadmark in verhouding die laagste.

TABEL 3.1

Funksionele ontleding van personeelkoste - Opsomming van groot markte - 1989

Mark:	Johannesburg		Pretoria		Durban		Kaapstad	
Kode omskrywing van aktiwiteit	Getal persone	Totale ver-goeding	Getal persone	Totale ver-goeding	Getal persone	Totale ver-goeding	Getal persone	Totale ver-goeding
	No.	R	No.	R	No.	R	No.	R
1 Bestuur	11,00	961 214	4,45	353 751	1,75	153 828	2,80	145 220
2 Finansiële administrasie	0,00	0	1,70	87 556	2,85	127 160	3,40	78 731
3 Personeel-administrasie	1,00	49 190	1,10	46 394	1,10	36 320	2,75	90 495
4 Algemene administrasie	27,00	761 075	6,35	190 571	1,10	60 115	5,50	119 596
5 Statistiese verwerking	4,00	133 014	2,10	59 501	1,70	32 238	14,50	400 545
6 Bemarking- en skakelafdeling	5,00	176 355	0,60	22 127	0,00	0	0,55	29 950
7 Navrae	2,00	53 887	1,00	31 392	1,10	23 001	4,20	118 580
8 Kassiere	40,00	931 499	29,10	796 408	8,10	142 697	29,80	545 641
9 Toesig en inspeksie	7,00	277 911	3,10	158 154	6,10	193 166	7,75	159 542
10 Veiling of verkope	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,30	13 208
11 Onderhoud	7,00	223 089	0,65	34 499	5,00	73 532	11,20	228 498
12 Skoonmaak	66,00	618 340	51,45	481 387	2,00	32 775	62,50	638 120
13 Sekuriteit en toesighouding	165,00	2 829 539	49,50	1 058 404	31,00	654 541	38,60	627 310
14 Verkoeling	0,00	0	2,50	71 683	2,00	66 057	1,15	35 577

Funksionele ontleding van personeelkoste van die 15 NPM's

TABEL 3.1 (vervolg)
 Funksionele ontleding van personeelkoste – Opsomming van groot markte – 1989

Mark: Kode omskrywing van aktiwiteit	Totaal						
	Getal persone	Totale ver- goeding	% van Totaal	Personeel- koste per ton	Pers. koste % mark- gelde	Pers. koste % tot inkomste	Pers. koste per m ² M. Saal
	No.	R	%	R	%	%	R
1 Bestuur	20,00	1 614 013	9,72	0,99	4,26	3,66	9,08
2 Finansiële administrasie	7,95	293 447	1,77	0,18	0,77	8,67	1,65
3 Personeel- administrasie	5,95	222 399	1,34	0,14	0,59	0,50	1,25
4 Algemene administrasie	39,95	1 131 357	6,82	0,69	2,98	2,57	6,36
5 Statistiese verwerking	22,30	625 298	3,77	0,38	1,65	1,42	3,52
6 Bemarking- en skakelafdeling	6,15	228 432	1,38	0,14	0,60	0,52	1,28
7 Navrae	8,30	226 860	1,37	0,14	0,60	0,51	1,28
8 Kassiere	107,00	2 416 245	14,56	1,48	6,37	5,48	13,59
9 Toesig en inspeksie	23,95	788 773	4,75	0,48	2,08	1,79	4,44
10 Veiling of verkope	0,30	13 208	0,08	0,01	0,03	0,03	0,07
11 Onderhoud	23,85	559 618	3,37	0,34	1,48	1,27	3,15
12 Skoonmaak	181,95	1 770 622	10,67	1,08	4,67	4,02	9,96
13 Sekuriteit en toesighouding	284,10	5 169 794	31,14	3,16	13,63	11,74	29,07
14 Verkoeling	5,65	173 317	1,04	0,11	0,46	0,39	0,97

TABEL 3.1 (vervolg)
In die finansiële jaarstate vir die NVPM'e word deur die markowerhede vir diverse oordragte, heffings en bydraes van 'n kapitale aard voorsiening gemaak. Die poste word hoofsaaklik gegee om die netto oorskot of tekort soos in die finansiële jaarstate vir die individuele markte getoon, weer te kan gee. Enige vergelykings tussen die resultate van individuele markte met betrekking tot hierdie poste, kan nie as sinvol beskou word nie.

4.5 AL DIE MARKTE

4.5.1 Die totale bruto inkomste

Markgeld lewer die grootste bydrae tot die totale bruto inkomste van die 15 NVPM'e, naamlik R52 910 599 of 86,38%. Die persentasie vir die groot, middelgroot en klein markte is 86,08%, 86,69% en 88,72%. Markgelde beloop R22,34 per ton produkte hanteer en R172,38 per m² onderdak marksaal per jaar. Ander bruto inkomste bydraes is hoofsaaklik koel- en rypmaakgeriewe (6,13%), huurgelde ontvang (4,13%) en die verhuring van trollies (1,15%).

TABEL 4.4
Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte – 1989

Mark: Item	Groot markte		Middelgroot markte		Klein markte	
	R	%	R	%	R	%
Inkomstebron:						
Markgeld	37 921 552	86,08	11 569 694	86,69	3 419 353	88,72
Diverse heffings		0,00	9 942	0,07		0,00
Huur ontvang – kantore	1 936 378	4,40	369 482	2,77	129 177	3,35
Huur ontvang – winkels en store	12 376	0,03	58 887	0,44	16 704	0,43
Huur ontvang – ander	6 000	0,01		0,00	738	0,02
Bruto inkomste – koelkamergeriewe	1 877 889	4,26	773 323	5,79	106 417	2,76
Bruto inkomste – rypmaakgeriewe	614 756	1,40	284 698	2,13	101 579	2,64
Bruto inkomste – opbergingsgeriewe	151 323	0,34	13 164	0,10	6 971	0,18
Bruto inkomste – trollies	510 309	1,16	150 236	1,13	43 829	1,14
Bruto inkomste – trekkers		0,00		0,00		0,00
Bruto inkomste – vurkhysers		0,00		0,00	5 035	0,13
Verhaling – rekenaarkoste		0,00	9 472	0,07	3 449	0,09

Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVPMe

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	R	Alle markte %	ton R	markgelde %	marksaal R
Inkomstebron:					
Markgeld	52 910 599	86,38	22,34	100,00	172,38
Diverse heffings	9 942	0,02	,00	0,02	0,03
Huur ontvang - kantore	2 435 037	3,98	1,03	4,60	7,93
Huur ontvang - winkels en store	87 967	0,14	0,04	0,17	0,29
Huur ontvang - ander	6 738	0,01	,00	0,01	0,02
Bruto inkomste - koelkamergeriewe	2 757 629	4,50	1,16	5,21	8,98
Bruto inkomste - rypmaakgeriewe	1 001 033	1,63	0,42	1,89	3,26
Bruto inkomste - opbergingsgeriewe	171 458	0,28	0,07	0,32	0,56
Bruto inkomste - trollies	704 374	1,15	0,30	1,33	2,29
Bruto inkomste - trekkers	0	0,00	0,00	0,00	0,00
Bruto inkomste - vurkhyers	5 035	0,01	,00	0,01	0,02
Verhaling - rekenaarkoste	12 921	0,02	0,01	0,02	0,04

TABEL 4.4 (vervolg)
Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	Groot markte		Middelgroot markte		Klein markte	
	R	%	R	%	R	%
Verhaling - skoonmaak		0,00		0,00	1 264	0,03
Verhaling - administrasie	123 340	0,28	63 865	0,48	5 685	0,15
Verhaling - skryfbenodighede	130 907	0,30	12 770	0,10		0,00
Verhaling - ander	595 154	1,35	28 331	0,21	10 005	0,26
Ander inkomste	176 106	0,40	1 850	0,01	3 958	0,10
Totale bruto inkomste	44 056 090	100,00	13 345 714	100,00	3 854 164	100,00
Bedryfsuitgawes:						
Personeel uitgawes	16 600 542	37,68	5 350 506	40,09	1 853 860	48,10
Administratiewe uitgawes:						
Advertensies	4 705	0,01	6 882	0,05	932	0,02
Ouditgelde		0,00	3 750	0,03	17 294	0,45
Bankkoste	296 181	0,67	113 895	0,85	64 884	1,68
Drukwerk en skryfbenodighede	821 493	1,86	231 226	1,73	74 575	1,93
Rekenaarkoste	55 582	0,13	112 256	0,84		0,00
Telefoon en posgeld	118 661	0,27	55 532	0,42	22 708	0,59
Munisipale toedeling	2 359 072	5,35	417 967	3,13	136 598	3,54
Reis- en verblyfkoste	99 926	0,23	58 632	0,44	23 711	0,62

Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVPM'e

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	R	Alle markte %	ton R	markgelde %	marksaal R
Verhaling - skoonmaak	1 264	,00	,00	,00	,00
Verhaling - administrasie	192 890	0,31	0,08	0,36	0,63
Verhaling - skryfbenodighede	143 677	0,23	0,06	0,27	0,47
Verhaling - ander	633 490	1,03	0,27	1,20	2,06
Ander inkomste	181 914	0,30	0,08	0,34	0,59
Totale bruto inkomste	61 255 968	100,00	25,86	115,77	199,57
Bedryfsuitgawes:					
Personeel uitgawes	23 804 908	38,86	10,05	44,99	77,55
Administratiewe uitgawes:					
Advertensies	12 519	0,02	0,01	0,02	0,04
Ouditgelde	21 044	0,03	0,01	0,04	0,07
Bankkoste	474 960	0,78	0,20	0,90	1,55
Drukwerk en skryfbenodighede	1 127 294	1,84	0,48	2,13	3,67
Rekenaarkoste	167 838	0,27	0,07	0,32	0,55
Telefoon en posgeld	196 901	0,32	0,08	0,37	0,64
Munisipale toedeling	2 913 637	4,76	1,23	5,51	9,49
Reis- en verblyfkoste	182 269	0,30	0,08	0,34	0,59

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte – 1989

Mark: Item	Groot markte		Middelgroot markte		Klein markte	
	R	%	R	%	R	%
Ander	65 048	0,15	5 692	0,04	10 023	0,25
Ongespesifiseer		0,00	76 577	0,57	66 685	1,73
Munisipale dienste:						
Water en ligte	2 265 715	5,14	703 177	5,27	278 565	7,23
Sanitasie en afvalverwydering	156 152	0,35	96 007	0,72	37 617	0,98
Onderhoud en herstel:						
Geboue	359 359	0,82	111 552	0,84	65 733	1,71
Terrein	206 664	0,47	52 803	0,40	3 608	0,09
Toerusting	588 674	1,34	324 566	2,43	102 831	2,67
Motorvoertuie	28 114	0,06	3 308	0,02	9 261	0,24
Ongespesifiseer	1 490 320	3,38		0,00	31 044	0,81
Skoonmaakkoste	404 918	0,92	147	,00		0,00
Grondstowwe en verbruiksmateriaal	634 234	1,44	50 875	0,38	19 509	0,51
Ontwikkeling en navorsing	63 728	0,14		0,00		0,00
Streekdiensheffings	65 667	0,15	14 134	0,11	504	0,01
Sekuriteit	162 595	0,37	15 574	0,12		0,00
Versekering	538 487	1,22	200 379	1,50	25 310	0,66
Verkoeling	313 272	0,71	82 816	0,62		0,00

Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVPMe

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	R	Alle markte %	ton R	markgelde %	marksaal R
Ander	80 763	0,13	0,03	0,15	0,26
Ongespesifiseer	143 262	0,23	0,06	0,27	0,47
Munisipale dienste:					
Water en ligte	3 247 457	5,30	1,37	6,14	10,58
Sanitasie en afvalverwydering	289 776	0,47	0,12	0,55	0,94
Onderhoud en herstel:					
Geboue	536 644	0,88	0,23	1,01	1,75
Terrein	263 075	0,43	0,11	0,50	0,86
Toerusting	1 016 071	1,66	0,43	1,92	3,31
Motorvoertuie	40 683	0,07	0,02	0,08	0,13
Ongespesifiseer	1 521 364	2,48	0,64	2,88	4,96
Skoonmaakkoste	405 065	0,66	0,17	0,77	1,32
Grondstowwe en verbruiksmateriaal	704 618	1,15	0,30	1,33	2,30
Ontwikkeling en navorsing	63 728	0,10	0,03	0,12	0,21
Streekdiensheffings	80 305	0,13	0,03	0,15	0,26
Sekuriteit	178 169	0,29	0,08	0,34	0,58
Versekering	764 176	1,25	0,32	1,44	2,49
Verkoeling	396 088	0,65	0,17	0,75	1,29

TABEL 4.4 (vervolg)
Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte – 1989

Mark: Item	Groot markte		Middelgroot markte		Klein markte	
	R	%	R	%	R	%
Rypmaak	251 755	0,57	2 000	0,01	19 932	0,52
Huur van toerusting	119 397	0,27	491	,00	27 098	0,70
Totale bedryfsuitgawes	28 070 261	63,71	8 090 744	60,62	2 892 282	75,04
Bedryfswins	15 985 829	36,29	5 254 970	39,38	961 882	24,96
Min:						
Perseelkoste:						
Huur betaal	1 401 864	3,18	106 626	0,80		0,00
Eiendomsbelasting	950 113	2,16	439 448	3,29	139 328	3,61
Rente betaal	1 402 439	3,18	2 851 681	21,37	1 491 754	38,70
Plus: Rente ontvang	3 904 572	8,86	181 497	1,36	400 753	10,40
staatsubsidie						
ontvang		0,00	114 497	0,86	40 798	1,06
Netto inkomste	16 135 985	36,63	2 153 209	16,13	(227 649)	(5,91)
Min: kapitale uitgawes:						
Argitekkostes	7 369	0,02		0,00		0,00
Kapitale heffings	2 356 660	5,35	407 522	3,05		0,00
Bydraes tot kapitaal						
uitleg	5 124 465	11,63	111 746	0,84	53 668	1,35

Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NVP's

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	Alle markte		ton	markgelde	marksaal
	R	%	R	%	R
Rypmaak	273 687	0,45	0,12	0,52	0,89
Huur van toerusting	146 986	0,24	0,06	0,28	0,48
Totale bedryfsuitgawes	39 053 287	63,75	16,49	73,81	127,23
Bedryfswins	22 202 681	36,25	9,37	41,96	72,33
Min:					
Perseelkoste:					
Huur betaal	1 508 490	2,46	0,64	2,85	4,91
Eiendomsbelasting	1 528 889	2,50	0,65	2,89	4,98
Rente betaal	5 745 874	9,38	2,43	10,86	18,72
Plus: Rente ontvang	4 486 822	7,32	1,89	8,48	14,62
Staatsubsidie ontvang	155 295	0,25	0,07	0,29	0,51
Netto inkomste	18 061 545	29,49	7,62	34,14	58,84
Min: kapitale uitgawes:					
Argitekkostes	7 369	0,01	,00	0,01	0,02
Kapitale heffings	2 764 182	4,51	1,17	5,22	9,01
Bydraes tot kapitaal uitleg	5 289 879	8,64	2,23	10,00	17,23

TABEL 4.4 (vervolg)
Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	Groot markte		Middelgroot markte		Klein markte	
	R	%	R	%	R	%
Bydraes Kapitaal	426 000	0,97	119 289	0,89		0,00
ontwikkelingsfonds	112 985	0,26	406 398	3,05	14 120	0,37
Delging lening	0	0,00	1 600 890	12,00	217 909	5,65
Oorskot of tekort vir jaar (soos per staat)	8 108 506	18,40	(492 636)	(3,69)	(513 346)	(13,32)
Totale tonnemaat hanteer	1 635 926		556 630		176 200	
Totale waarde hanteer	765 072 993		232 268 870		67 925 003	
Totale markgelde ontvang	37 921 552		11 569 694		3 419 353	
Totale bruto inkomste	44 054 090		13 345 714		3 854 164	
Oppervlakte onderdak marksale in m ²	177 841		87 149		41 955	

Ontleding van die inkomste- en kostestruktuur van die 15 NPM's

TABEL 4.4 (vervolg)
 Ontleding van inkomstestaat-mark: Alle markte - 1989

Mark: Item	R	Alle markte %	ton R	markgelde %	marksaal R
Bydraes	545 289	0,89	0,23	1,03	1,78
Kapitaal					
ontwikkelingsfonds	533 503	0,87	0,23	1,01	1,74
Delging lening	1 818 799	2,97	0,77	3,44	5,93
Oorskot of tekort vir jaar (soos per staat)	7 102 524	11,59	3,00	13,42	23,14
Totale tonnemaat hanteer	2 368 756				
Totale waarde hanteer	1 065 266 866				
Totale markgelde ontvang	52 910 599				
Totale bruto inkomste	61 253 968				
Oppervlakte onderdak marksale in m ²	306 945				

4.5.2 Bedryfsuitgawes en die bedryfswins

Personeelkoste teen R23 884 908 verteenwoordig 38,86% van die totale bruto inkomste vir die 15 NVPM'e. Dit is verreweg die grootste uitgawepos en word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Munisipale toedeling is die grootste enkele administratiewe uitgawepos en is gelyk aan 4,76% van die totale bruto inkomste. Vir die groot, middelgroot en klein markte is die persentasies onderskeidelik 5,35%, 3,13% en 3,54% van die bruto inkomste. Drukwerk en skryfbenodigdhede maak 1,84% van die totale bruto inkomste uit en is die tweede grootste administratiewe uitgawepos. Administratiewe uitgawes vir al die NVPM'e beloop 8,68% van die totale bruto inkomste vergeleke met 8,67% vir die groot markte, 8,10% vir die middelgroot markte en 10,82% vir die klein markte. Die totale bedrag, R5 320 487, is gelyk aan R2,25 per ton varsprodukte hanteer en R17,33 per m² onderdak marksaal per jaar.

Die koste van water en ligte is ook relatief hoog en bedra 5,30% van die totale bruto inkomste. Dit is gelyk aan R1,37 per ton varsprodukte hanteer en R10,58 per m² onderdak marksaal per jaar.

Onderhoud- en herstelkoste verteenwoordig 5,52% van die totale bruto inkomste en is gelyk aan R1,43 per ton varsprodukte hanteer en R12,44 per m² onderdak marksaal per jaar.

Van die oorblywende bedryfskoste is slegs versekering (1,25%) en grondstowwe en verbruiksmateriaal (1,15%) hoër as 1,00% van die totale bruto inkomste.

Die totale bedryfskoste vir die 15 NVPM'e beloop R39 053 287 wat aan 63,75% van die totale bruto inkomste gelyk is. Dit verteenwoordig 'n bedrag van R16,49 per ton varsprodukte hanteer en R127,23 per m² onderdak marksaal per jaar. Die totale bedryfskoste vir die groot markte beloop 63,71% van die totale bruto inkomste teenoor 60,62% vir die middelgroot markte en 75,04% vir die klein markte. Die gemiddelde vir die klein markte is dus relatief hoër as die gemiddelde van 63,75% vir al die markte. Meer volledige vergelykings met betrekking tot individuele markte word in bylae B getref.

Die totale bedryfswins vir al die NVPM'e bedra R22 202 681 wat 36,25% van die totale bruto inkomste verteenwoordig. Die persentasies vir die groot, middelgroot en klein markte is onderskeidelik 36,29%, 39,38% en 24,96%.

4.5.3 Perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en die netto inkomste

Die netto totaal van die perseelkoste, rente betaal, rente ontvang en staatsubsidie ontvang, en netto inkomste, is gelyk aan 6,77% van die totale bruto inkomste. Rente betaal is die grootste uitgawepos en bedra in totaal 9,38% van die totale bruto inkomste en die persentasies vir die groot, middelgroot

en klein markte is onderskeidelik 3,18%, 21,37% en 38,70%. Die persentasies vir die middelgroot en die klein markte is dus relatief hoër as die gemiddelde van 9,38% vir al die 15 NVPM'e.

Na aansuiwering van bogaande poste is die totale netto inkomste R18 061 545, wat aan 29,49% van die totale bruto inkomste vir al die NVPM'e gelyk is. Dit verteenwoordig 'n netto inkomste van R7,62 per ton varsprodukte hanteer en R58,84 per m² onderdak marksaal per jaar. Die groot markte het 'n netto inkomste gelyk aan 36,63% van die bruto inkomste behaal teenoor die middelgroot markte se 16,13%, maar die klein markte het 'n nadelige saldo van R227 649, wat gelyk is aan (-)5,91%, opgelewer.

4.5.4 Uitgawes van 'n kapitale aard en die netto oorskot of tekort

Die finansiële jaarstate van meeste van die markte bevat voorsienings vir uitgawes van 'n kapitale aard soos kapitaalinvestering, kapitale ontwikkeling en leningsdelging. Die items word slegs getoon om die netto oorskot of tekort vir die jaar, soos dit in die finansiële jaarstate van die NVPM'e verskyn, weer te gee. Vergelykings tussen die resultate vir die groot, middelgroot en klein markte, of vir individuele markte, met betrekking tot genoemde uitgawes van 'n kapitale aard, kan nie sinvol getref word nie.

4.6 SLOTOPMERKINGS

Markgeld lewer die grootste bydrae tot die totale bruto inkomste van die 15 NVPM'e, naamlik R52 910 599 of 86,38%. Die persentasie vir die groot, middelgroot en klein markte is 86,08%, 86,69% en 88,72%, onderskeidelik.

Ander bruto inkomste bydraes is hoofsaaklik koel- en ryppmaakgeriewe (6,13%), huurgelde ontvang (4,13%) en die verhuring van trollies (1,15%).

Personeelkoste teen R23 884 908 verteenwoordig 38,86% van die totale bruto inkomste vir al die 15 NVPM'e. Dit is verreweg die grootste uitgawepos en word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Administratiewe uitgawes vir al die NVPM'e beloop 8,68% van die totale bruto inkomste vergeleke met 8,67% vir die groot markte, 8,10% vir die middelgroot markte en 10,82% vir die klein markte.

Die koste van water en ligte is ook relatief hoog en bedra 5,30% van die totale bruto inkomste. Dit is gelyk aan R1,37 per ton varsprodukte hanteer en R10,58 per m² onderdak marksaal per jaar.

Onderhoud- en herstelkoste verteenwoordig 5,52% van die totale bruto inkomste en dit is gelyk aan R1,43 per ton varsprodukte hanteer en R12,44 per m² onderdak marksaal per jaar.

Van die oorblywende bedryfskoste is slegs versekering (1,25%) en grondstowwe en verbruiksmateriaal (1,15%) hoër as 1,00% van die totale bruto inkomste.

Die totale bedryfskoste vir die 15 NVPM'e beloop R39 053 287 wat gelyk is aan 63,75% van die totale bruto inkomste. Die totale bedryfskoste vir die groot markte beloop 63,71% van die totale bruto inkomste teenoor 60,62%

vir die middelgroot markte en 75,04% vir die klein markte. Die gemiddelde vir die klein markte is dus relatief hoër as die gemiddelde van 63,75% vir al die markte. Meer volledige vergelykings met betrekking tot individuele markte word in bylae B getref.

Die totale bedryswins vir al die NVPM'e bedra R22 202 681 wat 36,25% van die totale bruto inkomste verteenwoordig. Die persentasies vir die groot, middelgroot en klein markte is onderskeidelik 36,29%, 39,38% en 24,96%.

Na aansuiwering van perseelkoste, rente betaal en ontvang en staat-subsidie, is die totale netto inkomste R18 061 545, wat gelyk is aan 29,49% van die totale bruto inkomste vir al die NVPM'e. Die groot markte het 'n netto inkomste gelyk aan 36,63% van die bruto inkomste behaal teenoor die middelgroot markte se 16,13%, maar die klein markte het 'n nadelige saldo van R227 649, wat gelyk is aan (-)5,91%, opgelewer.

Die finansiële jaarstate van die meeste van die markte bevat voorsienings vir uitgawes van 'n kapitale aard soos kapitaalinvesterings, kapitale ontwikkeling en leningsdelging. Die items word slegs getoon om die netto oorskot of tekort vir die jaar, soos dit in die finansiële jaarstate van die NVPM'e verskyn, weer te gee. Vergelykings tussen die resultate vir die groot, middelgroot en klein markte, of vir individuele markte, met betrekking tot genoemde uitgawes van 'n kapitale aard, kan nie sinvol getref word nie.

Ontleding van die balansstate van die 15 NVPM'e

5.1 INLEIDING

Die ontleding van die grondwaardes, die verbeterings en balansstate van die 15 NVPM'e word uiteengesit in tabelle 5.1 tot 5.6.

Tabel 5.1 bevat 'n vergelyking tussen die grondwaardes soos deur die BFA, LHA en die markowerhede se waardebepalings gebruik.

Tabel 5.2 bevat 'n vergelyking tussen die waardes van verbeterings soos deur die BFA, LHA en die markowerhede se waardebepalings gebruik.

Tabel 5.3 bevat die individuele resultate en in totaal van die 4 groot markte.

Tabel 5.4 bevat die individuele resultate en in totaal van die 6 middelgroot markte.

Tabel 5.5 bevat die individuele resultate en in totaal van die 5 klein markte.

Tabel 5.6 bevat die resultate van die groot, middelgroot en klein markte asook die totaal vir al die 15 NVPM'e.

Die bates van die markte is onderverdeel in vaste bates (bestaande uit grond, geboue, toerusting en beleggings) en vlottende bates (bestaande uit voorraad, debiteure en bank- en kontantsaldo's).

Die eienaarsbelang en laste van die markte is onderverdeel in munisipale belang en langtermyn lenings en vlottende laste bestaande uit krediteure, oortrokke bank, korttermyn lenings en waarborg deposito's.

5.2 DIE WAARDASIE VAN DIE VASTE BATES VAN DIE NVPM'e

In die finansiële verslae van die NVPM'e word vaste bates slegs teen historiese koste getoon en in baie gevalle word sekere bates glad nie getoon nie. In die vraelys aan die markowerhede is inligting gevra oor die bestaande

huidige waarde van grond, geboue en toerusting wat deur die mark gebruik word.

Die volgende formule word vir die bepaling van die huidige afgeskryfde vervangingswaarde van geboue en toerusting te gebruik:

- ▣ gestel die vervangingswaarde van 'n bate is x
- ▣ gestel die verwagte leeftyd van hierdie bate is y en
- ▣ gestel die oorblywende nuttige leeftyd van daardie bate is z dan is
- ▣ die afgeskryfde vervangingswaarde vir daardie bate $x(z+y)$.

Daar is ook sekere standaardwaardes, gegrond op bedryfstaknorme, ramings deur bourekenaars en geskrewe kwotasies deur LHA, gebruik wat vir die BFA aanvaarbaar is.

Dit moet deeglik besef word dat die waardasies wat in die balansstate gebruik is nog steeds arbitrêr is, en dat dit slegs 'n aanduiding van die vervangingswaarde is. Meer akkurate syfers kan slegs verkry word indien geswore waardasies van grond en geboue, sowel as toerusting, gemaak sou word wat uiteraard buite die opdrag van die ondersoek val.

5.3 DIE WAARDASIE VAN DIE GROND WAAROP DIE NVPM'e GEVESTIG IS

In die vraelys aan die markowerhede is inligting gevra oor die waarde van grond, geboue en toerusting wat deur die mark gebruik word. Met betrekking tot die markperseel is die volgende inligting onder andere gevra:

- ▣ die historiese kosprys van die grond
- ▣ die huidige munisipale waardasie van die grond en
- ▣ die beraamde huidige markwaarde van die grond as 'n sakeperseel.

Die historiese kosprys was by 9 van die markte nie beskikbaar nie. Munisipale waardasies was oor die algemeen ver benede die beramings van die huidige markwaarde. Beramings deur die markowerhede van die huidige markwaarde van die grond was soms waarskynlik te hoog, maar in ander gevalle weer te laag. Die antwoorde van individuele markowerhede op hierdie vrae word in bylae B verstrekk.

By die meeste markte is daar relatief groot dele van die grond wat onbenut lê. Die onbenutte grond is meestal bedoel vir toekomstige uitbreiding, maar dit word nie tans produktief benut nie. Die waarde van die grond moet dus, streng gesproke, buite rekening gelaat word by berekenings en kan dus hoogstens as 'n belegging vir die toekoms beskou word. Vir doeleindes van die ondersoek is dit egter nie gedoen nie. Die grondwaardes wat in die tabelle gebruik is, is oor die algemeen redelik na aan die LHA-waardasies gekies.

Daar was soms aansienlike verskille tussen die waardasies van die markowerhede en die van LHA. Ter illustrasie kan die Johannesburgmark as voorbeeld dien. Die markowerheid se beraming van die grond beloop R25 300 000 terwyl LHA se waardasie wat in hulle verslag gebruik is, sowat R63 000 000 beloop. In die verslag is die LHA-waardasie van R63 000 000 aanvaar.

Tabel 5.1 bevat 'n vergelyking tussen die grondwaardes wat deur die BFA en LHA gebruik is en die wat deur die markowerhede in die BFA-vraelys gegee is. Hieruit kan gesien word dat veral Springs en Kimberley relatiewe hoë waardes op hul grond plaas. Daarteenoor is die waardasie van Johannesburg, Durban en Port Elizabeth relatief konserwatief.

Dit moet nogmaals beklemtoon word dat die waarde van grond ten nouste saamhang met die gebruiksregte wat daaraan verbind is. Dit maak waardasies in die geval van grond waarop markte gevestig is, uiters moeilik. Die totale beraamde huidige waarde van die grond van die 15 NVPM'e is deur die BFA teen R140,1 miljoen in die balansstate opgeneem, vergeleke met die LHA-beraming van R136,6 miljoen en die munisipale owerhede se beraming van R98,9 miljoen.

TABEL 5.1

Vergelyking tussen die grondwaardasies soos gebruik deur die B F A, L H A en die markowerhede se waardebepalings

	B F A waarde R000	L H A waarde R000	Munisipale Owerheid waarde R000
Johannesburg	63 000	63 000	25 300
Pretoria	20 000	20 240	20 000
Durban	15 000	14 550	10 000
Kaapstad	25 000	24 000	20 000
Port Elizabeth	3 000	2 940	1 100
Oos-Londen	2 000	1 720	2 000
Bloemfontein	1 000	900	1 000
Pietermaritzburg	2 000	1 910	1 843
Springs	2 000	1 720	8 605
Klerksdorp	1 000	1 120	1 114
Welkom	2 700	2 700	2 500
Kimberley	1 000	500	3 080
Uitenhage	205	205	203
Vereeniging	1 750	650	1 750
Witbank	420	420	417
Totaal	140 075	136 575	98 912

5.4 DIE WAARDASIE VAN DIE VERBETERINGS

In die vraelys aan die markowerhede is onder andere die volgende, met betrekking tot die waarde van die verbeterings, gevra:

- ▣ die historiese kosprys van alle verbeterings
- ▣ die munisipale waardasie van alle verbeterings
- ▣ die versekerde waarde van alle verbeterings en
- ▣ die beraamde huidige vervangingswaarde van alle verbeterings.

TABEL 5.2

Vergelyking tussen die waardasie van verbeterings soos gebruik deur die B F A, L H A en die waardasies verskaf deur die markowerhede

	B F A waarde R000	L H A waarde R000	Munisipale Owerheid waarde R000
Johannesburg	85 000	84 250	163 000
Pretoria	45 000	42 220	60 000
Durban	30 000	26 120	42 773
Kaapstad	50 000	49 210	69 600
Port Elizabeth	35 000	34 290	35 000
Oos-Londen	30 000	29 920	30 000
Bloemfontein	20 000	20 530	19 380
Pietermaritzburg	12 000	12 050	12 000
Springs	20 000	19 620	17 000
Klerksdorp	15 000	14 530	8 542
Welkom	14 000	14 460	9 400
Kimberley	6 000	5 930	8 200
Uitenhage	3 000	2 940	2 213
Vereeniging	15 000	17 520	5 000
Witbank	3 700	3 700	4 000
Totaal	383 700	377 290	486 108

Die individuele antwoorde van markowerhede op hierdie vrae word in bylae B verstrek. Tabel 5.2 gee die vergelyking tussen die waardasies wat deur die BFA en LHA gebruik, en die beraamde vervangingswaardes wat deur die markowerhede verstrek is.

By die 4 groot markte is die waardasie deur die markowerhede aansienlik hoër as dié van LHA. Soos gesien kan word, het die BFA in dié geval die meer konserwatiewe syfers aanvaar. Die totale beraamde vervangingswaarde van die verbeterings op die markte is deur die BFA teen R383,7 miljoen by die balansstate ingesluit, vergeleke met LHA se beraming van R377,3 miljoen en

die markowerhede se beraming van R484,1 miljoen. Hieruit blyk weer eens dat die waardasie van die vervangingswaarde van die verbeterings as 'n riglyn, eerder as 'n absolute syfer, beskou moet word.

5.5 DIE WAARDE VAN TOERUSTING

In die vraelys wat deur die markowerhede voltooi is, is die volgende inligting oor die verskillende soorte bates gevra:

- die historiese kosprys
- die versekerde waarde en
- die beraamde huidige vervangingswaarde.

Die individuele antwoorde op die vrae word in bylae B verstrekk. Die waardasie wat deur die BFA in die balansstate gebruik is, is min of meer dieselfde as dié wat deur LHA gebruik is en dit lê ook na aan die beraamde vervangingswaarde wat deur die markowerhede verstrekk is.

5.6 BALANSSTATE VAN GROOT MARKTE

In tabel 5.3 word die balansstate van die 4 groot markte gegee. Dit is opmerklik dat die totale vaste bates uitgedruk in 'n persentasie van totale bates vir die vier markte, baie na aan mekaar lê. Die persentasies varieer naamlik van 97,48% vir Durban tot 99,93% vir Kaapstad met 'n gemiddelde van 98,72%. Die totale vlottende bates speel dus 'n relatief onbeduidende rol.

Die belangrikste vaste bates is uiteraard grond en geboue. Beleggings beloop 22,21% vir Pretoria, 15,30% vir Durban, 9,24% vir Kaapstad en 3,72% vir Johannesburg. Gemiddeld verteenwoordig dit 10,76% van die totale bates. Langtermyn lenings beloop 13,28% van die totale finansiering vir Durban terwyl dit vir Johannesburg 6,03% is.

Die vlottende laste is onbeduidend en die markowerhede is dus basies die enigste verskaffers van die finansiering van die vier groot markte. Die persentasies wissel van 84,83% vir Durban tot 99,89% vir Pretoria, terwyl die gemiddelde 94,18% bedra.

5.7 BALANSSTATE VAN MIDDELGROOT MARKTE

In tabel 5.4 word die balansstate van die 6 middelgroot markte gegee. Die gemiddelde vaste bates vir die ses markte beloop 98,47% van die totale bates. Die syfers lê weereens na aan mekaar vir die individuele markte en dit varieer van 96,35% vir Pietermaritzburg tot 99,44% vir Oos-Londen. Die belangrikste bates is grond en geboue, terwyl beleggings by middelgroot markte slegs 0,40% van die totale bates beloop.

Dit is verder insiggewend om daarop te let dat grond by middelgroot markte 7,35% van totale bates beloop, vergeleke met 'n ooreenstemmende syfer van 31,43% vir die vier groot markte. Vlottende bates is ook by die middelgroot markte relatief onbeduidend.

TABEL 5.3

Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van groot markte

Mark	Johannesburg		Pretoria		Durban		Kaapstad		Totaal	
	R000	%	R000	%	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates										
Grond	63 000	38,93	20 000	22,55	15 000	26,85	25 000	29,43	123 000	31,43
Geboue	85 000	52,52	45 000	50,75	30 000	53,70	50 000	58,86	21 000	53,66
Toerusting	5 204	3,22	3 050	3,44	907	1,62	2 035	2,40	11 196	2,86
Beleggings	6 024	3,72	19 692	22,21	8 547	15,30	7 853	9,24	42 116	10,76
Totale vaste bates	159 228	98,38	87 742	98,95	54 454	97,48	84 888	99,93	386 312	98,72
Vlottende bates										
Voorraad	139	0,09		0,00		0,00		0,00	139	0,04
Debiteure	2 421	1,50	608	0,69	670	1,20	36	0,04	3 735	0,95
Bank en kontant	55	0,03	324	0,37	738	1,32	22	0,03	1 139	0,29
Totale vlottende bates	2 615	1,62	932	1,05	1 408	2,52	58	0,07	5 013	1,28
Totale bates	161 843	100,00	88 674	100,00	55 862	100,00	84 946	100,00	391 325	100,00
Munisipale belang										
L/T Lenings	149 257	92,22	88 574	99,89	47 386	84,83	83 318	98,08	368 535	94,18
	9 767	6,03		0,00	7 419	13,28		0,00	17 186	4,39
Vlottende laste										
Krediteure	245	0,15	94	0,11	1 057	1,89	843	0,99	2 239	0,57
Oortrokke bank									0	
K/T Lenings	2 458	1,52		0,00		0,00	785	0,92	3 243	0,83
Waarborgdeposito's	116	0,07	6	0,01		0,00		0,00	122	0,03
Totale vlottende laste	2 819	1,74	100	0,11	1 057	1,89	1 628	1,92	5 604	1,43
Totale finansiering	161 843	100,00	88 674	100,00	55 862	100,00	84 946	100,00	391 325	100,00

TABEL 5.4
Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van middelgroot markte

Mark	Port Elizabeth		Oos-Londen		Bloemfontein		Pietermaritzburg	
	R000	%	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates								
Grond	3 000	7,63	2 000	6,07	1 000	4,52	2 000	13,33
Geboue	35 000	89,04	30 000	91,12	20 000	90,31	12 000	79,96
Toerusting	727	1,85	730	2,22	789	3,56	460	3,07
Beleggings	16	0,04	12	0,04		0,00		0,00
Totale vaste bates	38 743	98,57	32 742	99,44	21 789	98,38	14 460	96,35
Flottende bates								
Voorraad		0,00		0,00		0,00		0,00
Debiteure	563	1,43	183	0,56	357	1,61	82	0,55
Bank en kontant	1	,00		0,00	1	,00	466	3,11
Totale flottende bates	564	1,43	183	0,56	358	1,62	548	3,65
Totale bates	39 307	100,00	32 925	100,00	22 147	100,00	15 008	100,00
Munisipale belang	36 602	93,12	25 081	76,18	21 789	98,38	12 781	85,16
L/T Lenings	1 648	4,17	6 435	19,54		0,00	2 216	14,77
Flottende laste								
Krediteure	40	0,10		0,00	18	0,08	11	0,07
Oortrokke bank			183		340			
K/T Lenings	1 025	2,61	1 212	3,68		0,00		0,00
Waarborgdeposito's		0,00	14	0,04		0,00		0,00
Totale flottende laste	1 065	2,71	1,409	4,28	358	1,62	11	0,07
Totale finansiering	39 307	100,00	32 925	100,00	22 147	100,00	15 008	100,00

Ontleding van die balansstate van die 15 NVP's

TABEL 5.4 (vervolg)
Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van middelgroot markte

Mark	Springs		Klerksdorp		Totaal	
	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates						
Grond	2 000	8,74	1 000	5,75	11 000	7,35
Geboue	20 000	87,40	15 000	86,31	132 000	88,21
Toerusting	498	2,18	556	3,20	3 760	2,51
Beleggings	7	0,03	566	3,26	601	0,40
Totale vaste bates	22 505	98,34	17 122	98,52	147 361	98,47
Vlottende bates						
Voorraad		0,00		0,00	0	0,00
Debiteure	379	1,66	137	0,79	1 701	1,14
Bank en kontant		0,00	120	0,69	588	0,39
Totale vlottende bates	379	1,66	257	1,48	2 289	1,53
Totale bates	22 884	100,00	17 379	100,00	149 650	100,00
Munisipale belang						
L/T Lenings	15 815	69,11	16 327	93,95	128 395	85,80
	6 252	27,32	791	4,55	17 334	11,58
Vlottende laste						
Krediteure	128	0,56	179	1,03	376	0,25
Oortrokke bank	183				706	
K/T Lenings	499	2,18		0,00	2 736	1,83
Waarborgdeposito's	7	0,03	82	0,47	103	0,07
Totale vlottende laste	817	3,57	261	1,50	3 921	2,62
Totale finansiering	22 884	100,00	17 379	100,00	149 650	100,00

Die munisipale belang in die middelgroot markte beloop 85,80% van totale bates. Die syfers varieer van 69,11% vir Springs tot 98,38% vir Bloemfontein. Langtermyn lenings beloop 'n gemiddelde van 11,58% en dit is veral hoog by Springs, (27,32%), Oos-Londen (19,54%) en Pietermaritzburg (14,77%). Die gemiddelde vlottende laste beloop slegs 2,62% van die totale finansiering en is dus relatief onbeduidend.

5.8 BALANSSTATE VAN KLEIN MARKTE

In tabel 5.5 word die balansstate van die 5 klein markte gegee. Die gemiddelde vaste bates beloop 98,51% van die totale bates. Dit wissel van 97,56% vir Uitenhage tot 99,61% vir Kimberley. Beleggings is relatief onbeduidend terwyl grond en geboue 95,87% van die totale bates verteenwoordig. Vlottende bates is ook relatief onbelangrik.

Die munisipale belang in die klein markte beloop gemiddeld slegs 64,59% van die totale bates. Dit wissel van 42,20% vir Welkom tot 97,11% vir Kimberley. Langtermyn lenings is hoog vir Welkom, (43,81%), Witbank (23,62%) en Vereeniging (20,36%). Vlottende laste beloop gemiddeld 10,80% van die totale finansiering. Dit is hoofsaaklik die gevolg van krediteure vir Welkom wat 12,99% beloop; en korttermyn lenings vir Vereeniging gelykstaande aan 14,34% van totale finansiering.

5.9 OPGESOMDE BALANSSTATE VAN AL DIE MARKTE

In tabel 5.6 is die gesamentlike balansstate van groot, middelgroot en klein markte opgesom met 'n totaal vir al 15 die markte. Die gemiddelde vaste bates beloop 98,64% van totale bates met feitlik geen noemenswaardige afwykings nie. Grond verteenwoordig die hoogste persentasie by groot markte met 31,43% en die laagste by middelgroot markte met 7,35%.

Geboue en verbeterings verteenwoordig die hoogste persentasie by middelgroot markte met 88,21% van totale bates en die laagste by groot markte met 53,66%. Toerusting verteenwoordig die laagste persentasie by klein markte (1,21%) en die hoogste by groot markte (2,86%). Beleggings word hoofsaaklik deur groot markte gedoen (10,76%). Vlottende bates is in die algemeen relatief onbeduidend met 'n gemiddelde van 1,36% van totale bates.

Die munisipale belang in markte is gemiddeld 89,56% van totale finansiering. Die grootste belang is in groot markte, (94,18%) en die laagste in klein markte (64,59%). Die omgekeerde geld vir langtermyn lenings wat die grootste persentasie is by klein markte (24,62%) en die laagste by die groot markte (4,39%). Vlottende laste is slegs beduidend by klein markte met 2,52%.

5.10 SLOTOPMERKINGS

Grond en geboue vorm die grootste enkele bate van die 15 NVPM'e naamlik 88,65% van die totale bates. Beleggings wat feitlik uitsluitend deur groot

TABEL 5.5
Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van klein markte

Mark	Welkom		Kimberley		Uitenhage	
	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates						
Grond	2 700	15,67	1 000	12,95	205	6,17
Geboue	14 000	81,27	6 000	77,70	3 000	90,33
Toerusting	165	0,96	120	1,55	35	1,85
Beleggings	138	0,80	572	7,41		0,00
Totale vaste bates	17 003	98,71	7 692	99,61	3 240	97,56
Vlottende bates						
Voorraad		0,00		0,00		0,00
Debiteure	222	1,29	29	0,38	76	2,29
Bank en kontant	1	0,01	1	0,01	5	0,15
Totale vlottende bates	223	1,29	30	0,39	81	2,44
Totale bates	17 226	100,00	7 722	100,00	3 321	100,00
Munisipale belang	7 270	42,20	7 499	97,11	3 045	91,69
L/T Lenings	7 547	43,81	193	2,50		0,00
Vlottende laste						
Krediteure	2 237	12,99		0,00		0,00
Oortrokke bank	172		29		81	
K/T Lenings		0,00	1	0,01	195	5,87
Waarborgdeposito's		0,00		0,00		0,00
Totale vlottende laste	2 409	13,98	30	0,39	276	8,31
Totale finansiering	17 226	100,00	7 722	100,00	3 321	100,00

TABEL 5.5 (vervolg)
Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van klein markte

Mark	Vereeniging		Witbank		Totaal	
	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates						
Grond	1 750	10,08	420	9,97	6 075	12,19
Geboue	15 000	86,44	3 700	87,84	41 700	83,68
Toerusting	245	1,41	40	0,95	605	1,21
Beleggings		0,00		0,00	710	1,42
Totale vaste bates	16 995	97,94	4 160	98,77	49 090	98,51
Vlottende bates						
Voorraad		0,00		0,00	0	0,00
Debiteure	358	2,06	52	1,23	737	1,48
Bank en kontant		0,00		0,00	7	0,01
Totale vlottende bates	358	2,06	52	1,23	744	1,49
Totale bates	17 353	100,00	4 212	100,00	49 834	100,00
Munisipale belang	11 157	64,29	3 215	76,33	32 186	64,59
L/T Lenings	3 533	20,36	995	23,62	12 268	24,62
Vlottende laste						
Krediteure	20	0,12	2	0,05	2 259	4,53
Oortrokke bank	154				436	
K/T Lenings	2 488	14,34		0,00	2 684	5,39
Waarborgdeposito's	1	0,01		0,00	1	,00
Totale vlottende laste	2 663	15,35	2	0,05	5 380	10,80
Totale finansiering	17 353	100,00	4 212	100,00	49 834	100,00

Ontleding van die balansstate van die 15 NPPM's

TABEL 5.6
Ontleding van balansstate op 30 Junie 1989 van alle markte

Mark	Groot markte		Middelgroot		Klein markte		Totaal	
	R000	%	R000	%	R000	%	R000	%
Vaste bates								
Grond	123 000	31,43	11 000	7,35	6 075	12,19	140 075	23,71
Geboue	210 000	53,66	132 000	88,21	41 700	83,68	383 700	64,94
Toerusting	11 196	2,86	3 760	2,51	605	1,21	15 561	2,63
Beleggings	42 116	10,76	601	0,40	710	1,42	43 427	7,35
Totale vaste bates	386 312	98,72	147 361	98,47	49 090	98,51	582 763	98,64
Vlottende bates								
Voorraad	139	0,04		0,00		0,00	139	0,02
Debiteure	3 735	0,95	1 701	1,14	737	1,48	6 173	1,04
Bank en kontant	1 139	0,29	588	0,39	7	0,01	1 734	0,29
Totale vlottende bates	5 013	1,28	2 289	1,53	744	1,49	8 046	1,36
Totale bates	39 325	100,00	149 650	100,00	49 834	100,00	590 809	100,00
Munisipale belang	368 535	94,18	128 395	85,80	32 186	64,59	529 116	89,56
L/T Lenings	17 186	4,39	17 334	11,58	12 268	24,62	46 788	7,92
Vlottende laste								
Krediteure	2 239	0,57	376	0,25	2 259	4,53	4 874	0,82
Oortrokke bank		0,00	706	0,47	436	0,87	1 142	0,19
K/T Lenings	3 243	0,83	2 736	1,83	2 684	5,39	8 663	1,47
Waarborgdeposito's	122	0,03	103	0,07	1	,00	226	0,04
Totale vlottende laste	5 604	1,43	3 921	2,62	5 380	10,80	14 905	2,52
Totale finansiering	391 325	100,00	149 650	100,00	49 834	100,00	590 809	100,00

markte gehou word, beloop 7,35%. Toerusting van markte beloop 2,63%. Vlottende bates is relatief onbeduidend en beloop slegs 1,36% van die totale bates. Die markowerhede se belang in die 15 NVPM'e beloop 89,56% van totale finansiering terwyl langtermyn lenings 7,92% van die totale finansiering uitmaak. Vlottende laste wat net by klein markte beduidend is beloop 2,52% van die totale finansiering.

Finansiële verhoudings: 15 NVPM'e

6.1 INLEIDING

In die hoofstuk word 'n aantal verhoudingsgetalle gegee en bespreek ten einde die finansiële prestasie en aktiwiteite van die 15 NVPM'e te beoordeel. Die verhoudingsgetalle meet onder andere omsetsnelheid; winsgewendheid; likiditeit; en solvabiliteit.

6.2 DIVERSE OPBRENGS- EN OMSETSNELHEIDS- VERHOUDINGS

Rentabiliteit van totale bates is die algemeenste gebruikte verhoudingsgetal om die uiteindelijke finansiële prestasie van 'n onderneming te meet. Dit lê 'n oorsaaklike verband tussen die kapitaal wat in die bates investeer is, en die wins wat met die aanwending van hierdie bates verdien is. Ook by die beoordeling van die finansiële resultate van NVPM'e, is die resultate van die verhoudingsgetal van die grootste belang. Die verhoudingsgetal word soos volg bereken:

$$\text{Rentabiliteit van totale bates} = \frac{\text{Wins voor rente}}{\text{Totale bates}} \times 100 (\%)$$

Die resultaat word dus in 'n persentasie uitgedruk. Die verhoudingsgetal bestaan basies uit twee komponente, naamlik die vermoë van die bates om omset te genereer (omsetsnelheid van die bates); en die vermoë om 'n wins op die omset (winsmarge op verkope) te verdien.

Die vermoë van bates om omset te genereer, word met behulp van die omsetsnelheid van die bates bereken:

$$\frac{\text{Totale verkope}}{\text{Totale bates}} = (\text{keer})$$

Die antwoord word in 'n aantal keer per jaar uitgedruk:

Die vermoë om 'n wins op die omset te kan verdien word deur die berekening van die winsmarge op verkope gemeet:

$$\frac{\text{Wins (voor rente)} \times 100 (\%)}{\text{Totale verkope}}$$

Die antwoord word dus in 'n persentasie uitgedruk.

Die onderlinge verband tussen die verhoudingsgetalle kan soos volg geïllustreer word:

$$\frac{\text{Wins (voor rente)}}{\text{Verkope}} \times \frac{\text{Verkope}}{\text{Totale bates}} = \frac{\text{Wins (voor rente)}}{\text{Totale bates}}$$

of te wel

Winsmarge x Bateomsetsnelheid = Opbrengs op bates.

Die twee komponente is baie belangrik by die beoordeling van die finansiële resultate van die NVPM'e. Onderbenutting van bates verminder die moontlikheid om wins te genereer. Hoë koste en ondoeltreffendheid verminder die wins wat uit die gegewe omset verdien kan word.

Resultate kan dus minstens op drie maniere verbeter word, naamlik:

- ▣ deur die omset te verhoog
- ▣ deur die winsmarge te verhoog en
- ▣ deur die bateaanwending (alle ander dinge gelyksynde) te verminder.

6.3 BEGRIPSBEPALING BY DIE BEREKENING VAN DIE WINS OP TOTALE BATES

Ten einde die verhoudingsgetalle sinvol te kan gebruik by die beoordeling van die resultate van die NVPM'e, is dit nodig om die verskillende komponente van die verhoudingsgetalle te formuleer en te omskryf.

6.3.1 Totale bates (Aktiewe bates)

Die totale bates sluit in vaste sowel as vlottende bates. By die NVPM'e is daar in enkele gevalle in bates soos beleggings geïnvesteer wat nie direk met die normale bedrywighede van die mark verband hou nie. Om die rede is daar besluit om die beleggings by die totale bates uit te sluit. Daar word in die verslag verwys na aktiewe bates wat gelyk is aan totale bates minus beleggings. Aktiewe bates is dus die noodsaaklike bates wat in die aktiwiteit van die mark gebruik word.

6.3.2 Totale verkope (Bruto inkomste)

Die verkope van produkte op die mark word deur markagente teen kommissie namens die produsente gedoen. Die verskoopswaarde van die pro-

dukte is dus nie die bruto inkomste van die markte nie. Die inkomste wat die mark uit die gebruik van sy bates genereer, bestaan uit die 5% markgelde op verkope wat van die produsente ingevorder word. Soos in hoofstuk 4 in tabel 4.4 gesien is, verteenwoordig die markgelde 86,38% van die totale bruto inkomste van die 15 NVPM'e. Die resterende bruto inkomste bestaan hoofsaaklik uit huurinkomste en bruto inkomste van koel- en rypmaakgeriewe. Die term "verkope" by die NVPM'e beteken dus eintlik "bruto inkomste". By die bepaling van bruto inkomste, word rente ontvang nie bygetel nie, aangesien die beleggings waarop dit verdien word nie by die bates ingesluit is nie. Subsidie wat van die Staat ontvang is, is ook buitengewone inkomste en is nie by die bruto inkomste ingesluit nie.

6.3.3 Wins vóór rente (Bedryfswins)

In hoofstuk 4, in tabelle 4.1 tot 4.4, is 'n bedryfswins bereken. Die wins word verkry deur die totale bruto inkomste (soos omskryf in afdeling 6.3.2) te verminder met die bedryfsuitgawes. Die volgende items word nie by die bedryfsuitgawes ingesluit nie:

WAARDEVERMINDERING OP GEBOUE EN TOERUSTING

Soos voorheen vermeld, word in die finansiële jaarstate van die NVPM'e geen voorsiening vir waardevermindering gemaak nie en is besluit om vir doeleindes van die verslag waardeverminderingskoste vir individuele markte nie te beraam nie. Die bedryfswins is dus 'n bedryfswins voor waardevermindering.

PERSEELKOSTE

Perseelkoste bestaan uit die huur betaal en eiendomsbelasting. As gevolg van verskille in beleid tussen verskillende markowerhede is die item nie vegelykbaar tussen markte nie. Om dié rede is besluit om dit nie by die bedryfskoste in te sluit nie. Die bedryfswins is dus die bedryfswins voor perseelkoste. Vir die 15 NVPM'e beloop die perseelkoste 4,96% van die totale bruto inkomste. Indien perseelkoste dus wel in berekening gebring was, sou die bedryfswins van 36,25% na 31,29% van die totale bruto inkomste verminder het.

RENTE BETAAL EN RENTE ONTVANG

Aangesien die rentabiliteit op totale bates bereken word, moet rente betaal buite rekening gelaat word en moet met die bedryfswins vóór rente gewerk word. By die bepaling van die aktiewe bates is beleggings buite rekening gelaat en derhalwe word rente ontvang, nie by die bedryfswins ingesluit nie.

STAATSUBSIDIE ONTVANG

In enkele gevalle het markte 'n staatsubsidie ontvang. Die subsidie word wel gegrond op die finansiële resultaat van die betrokke mark ('n verlies), maar

dit hou nie enige direkte verband met die bedryfsaktiwiteite nie. Derhalwe is die bedrae by die berekening van die bedryfswins uitgelaat.

KAPITAALUITGAWES

Soos aangedui in tabelle 4.1 tot 4.4 van hoofstuk 4, is daar 'n aantal kapitaaluitgawes wat in die gepubliseerde verslae van die NVPM'e by die bepaling van die netto oorskot of tekort in berekening gebring word. Die bedrae verteenwoordig na die oordeel van die navorsers nie bedryfsuitgawes nie, en dus is hulle by die berekening van die bedryfswins nie in aanmerking geneem nie.

6.4 OMSETSNELHEID VAN AKTIEWE BATES

Die omsetsnelheid van die aktiewe bates is soos volg bereken:

$$\frac{\text{Totale bruto inkomste}}{\text{Aktiewe bates}} = (\text{Keer per jaar})$$

In tabel 6.1 word die volgende inligting vir individuele markte asook vir subgroeperings en die totaal verskaf:

- ▣ kolom 1 – die aktiewe bates
- ▣ kolom 2 – die bruto inkomste
- ▣ kolom 3 – die bedryfswins
- ▣ kolom 4 – die omsetsnelheid (O/S) van die aktiewe bates, uitgedruk in aantal keer per jaar
- ▣ kolom 5 – die bedryfswins (omsetmarge) uitgedruk in 'n persentasie van die bruto inkomste en
- ▣ kolom 6 – die persentasie-opbrengs op die totale aktiewe bates.

Volgens kolom 4 beloop die omsetsnelheid van die aktiewe bates 0,11 keer per jaar vir alle markte. Die omsetsnelheid van groot markte is die hoogste met 0,13 keer per jaar. Die Johannesburgmark se omsetsnelheid van 0,11 keer is relatief laag vergeleke met dié van die ander 3 groot markte teen 0,14 keer per jaar.

Die gesamentlike syfer vir middelgroot markte is 0,09 keer per jaar, en is aansienlik laer as die 0,13 keer van die groot markte. By die middelgroot markte is die omsetsnelheid van aktiewe bates van Pietermaritzburg relatief hoog met 1,6 keer, terwyl dit by Port Elizabeth en Oos-Londen relatief laag is met onderskeidelik 0,6 keer en 0,7 keer.

Klein markte se gemiddelde omsetsnelheid van aktiewe bates is 0,08 keer per jaar. Die laagste syfers is vir Welkom, naamlik 0,06 keer en Vereeniging met 0,08 keer.

Die gemiddelde omsetsnelheid van die aktiewe bates van die 15 NVPM'e, van 0,11 keer per jaar, of te wel ongeveer een keer elke nege jaar, vergelyk goed met die omsetsnelheid van totale bates van sekere eiendoms-maatskappye.

TABEL 6.1
Diverse opbrengs- en omsetsnelheidsverhoudings 1989

	Aktiewe bates R000	Bruto inkomste R000	Bedryfs- wins R000	O/S van aktiewe bates keer	Wins- marge %	Opbrengs op bates %
Johannesburg	155 819	17 599	4 504	0,11	25,59	2,89
Pretoria	68 982	9 354	3 465	0,14	37,04	5,02
Durban	47 315	6 477	3 159	0,14	48,77	6,68
Kaapstad	77 093	10 626	4 857	0,14	45,71	6,30
Groot markte	349 209	44 056	15 985	0,13	36,28	4,58
Port Elizabeth	39 291	2 543	847	0,06	33,31	2,16
Oos-Londen	32 913	2 252	678	0,07	30,11	2,06
Bloemfontein	22 147	2 154	854	0,10	39,65	3,86
Pietermaritzburg	15 008	2 384	799	0,16	33,52	5,32
Springs	22 877	2 253	1 168	0,10	51,84	5,11
Klerksdorp	16 813	1 760	908	0,10	51,59	5,40
Middelgroot markte	149 049	13 346	5 254	0,09	39,37	3,53
Welkom	17 088	997	356	0,06	35,71	2,08
Kimberley	7 150	733	180	0,10	24,56	2,52
Uitenhage	3 321	359	(68)	0,11	(18,94)	(2,05)
Vereeniging	17 353	1 309	326	0,08	24,90	1,88
Witbank	4 212	457	168	0,11	36,76	3,99
Klein markte	49 124	3 855	962	0,08	24,95	1,96
Alle markte	547 382	61 257	22 201	0,11	36,24	4,06
Kolom nommer	1	2	3	4	5	6

Die resultate word getoon in kolom 5 van tabel 6.1.

6.5 WINSMARGE OP TOTALE BRUTO INKOMSTE

Die syfer word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Totale bruto inkomste}} \times 100 (\%)$$

Die gemiddelde winsmarge vir die 4 groot markte is 36,28% van hul totale bruto inkomste. Johannesburg met 25,59% het die laagste winsmarge terwyl Durban met 48,77% hier die beste onder die groot markte vertoon. Die gemiddelde winsmarge vir middelgroot markte is 39,37% wat effens hoër is as die gemiddelde van 36,28% vir die groot markte. Binne in die groep van middelgroot markte het Springs met 51,84%, en Klerksdorp met 51,59% die hoogste winsmarges, terwyl hulle ook in totaal die hoogste is van al die 15 NVPM'e. Oos-Londen met 30,11% het die laagste winsmarge gevolg deur die 33,31% van Port Elizabeth en Pietermaritzburg met 33,52%.

Klein markte se gemiddelde winsmarge is relatief laag teen 24,95% vergeleke met die groot en middelgroot markte met 36,28% en 39,37%, onderskeidelik. By die klein markte het die Uitenhagemark 'n bedryfsverlies van 18,94% van totale bruto inkomste gely. Die winsmarge vir die ander markte in die groep varieer van 36,76% vir Witbank tot 24,56% vir Kimberley, met 'n gemiddelde winsmarge van 24,95% vir die vyf klein markte.

Die gemiddelde winsmarge van al 15 NVPM'e beloop 36,24% van die bruto inkomste. Dit beteken dus dat elke een rand bruto inkomste 'n bydrae van 36 sent tot die investering in die infrastruktuur maak. In die lig van die omsetsnelheid van die aktiewe bates is hierdie winsmarge te laag om 'n bevredigende opbrengs op hierdie bates te verseker.

6.6 OPBRENGS OP AKTIEWE BATES

Die berekening van die opbrengs op aktiewe bates is soos volg gedoen:

$$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Aktiewe bates}} \times 100 (\%)$$

Die resultate word getoon in kolom 6 van tabel 6.1.

Vir groot markte is die opbrengs op aktiewe bates 4,58%. Die syfer van 2,89% vir Johannesburg is besonder laag in die groep vergeleke met Durban se 6,68%, Kaapstad se 6,30% en Pretoria se 5,02%. Middelgroot markte se gemiddelde opbrengs op aktiewe bates is 3,53%, wat heelwat laer is as die 4,58% van die groot markte. In die groep is veral Oos-Londen met 2,06% en Port Elizabeth met 2,16% besonder laag. Ook Bloemfontein met 3,86% was relatief laag vergeleke met die oorblywende drie markte. Klein markte se opbrengs op aktiewe bates is die laagste van die drie groepe, naamlik 1,96%. Witbank met 3,99% vaar die beste in die groep, terwyl Uitenhage 'n negatiewe opbrengs van (-)2,05% toon. Vir die 15 NVPM'e is die gemiddelde opbrengskoers 4,06% op die totale aktiewe bates.

6.6.1 Kommentaar oor die opbrengs op aktiewe bates

Uit 'n investeringsoogpunt is 'n opbrengs van 4,06% op totale aktiewe bates baie onbevredigend. Indien in aanmerking geneem word dat die oprigting van die markte deur die plaaslike owerhede nie juis as 'n suiwer sake-transaksie gesien word nie, maar dat hulle eerder opgerig is om 'n diens aan

die plaaslike gemeenskap te lewer, is die resultaat verstaanbaar. Heelwat van die markte, te wete Johannesburg, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Pietermaritzburg, Springs, Klerksdorp, Welkom en Vereeniging is ook gedeeltelik gefinansier met Staatsubsidies om verliese wat ontstaan het te help dra - wat dus die uiteindelijke finansiële verpligtings van die plaaslike belastingbetalers verminder het.

Indien dit egter oorweeg sou word om die markte te "privatiseer", sal daar uiteraard 'n meer realistiese opbrengs op die kapitaalinvestering oorweeg moet word. Daar is basies twee moontlikhede om dit te doen, naamlik:

- verhoog die winsmarge deur 'n besparing van uitgawes, en/of 'n verhoging van die bruto inkomste deur 'n verhoging van markgelde en
- verbeter die omsetsnelheid van die aktiewe bates.

Die omsetsnelheid van die aktiewe bates kan verhoog word deur die bates van die mark te privatiseer teen waardes laer as die beraamde ver-vangings-waarde. Indien aanvaar sou word dat sê, 'n 25% opbrengs op totale aktiewe bates (vóór belasting) 'n aanvaarbare opbrengskoers sou wees, sou dit beteken dat die aktiewe bates van die 15 NVPM'e met 'n gegewe bedryfswins van R22 201 miljoen, op R88 804 miljoen gewaardeer sou moes word vir doeleindes van privatisering. Indien die opbrengs op aktiewe bates op 20% gestel sou word, sou die aktiewe bates op R111 miljoen gewaardeer moes word.

6.7 LIKIDITEITSVERHOUDINGS

Die likiditeit van 'n onderneming word weerspieël in sy vermoë om lopende verpligtings betyds uit beskikbare fondse na te kom. Twee verhoudings-getalle wat gewoonlik in dié verband bereken word, is die vlottende verhouding en die vuurproefverhouding.

Die vlottende verhouding meet die mate waarin die vlottende laste op 'n bepaalde tydstip deur die beskikbare vlottende bates gedek word. Die vlottende verhouding word soos volg bereken:

Vlottende bates

Vlottende laste

Die sogenaamde vuisreël dui op 'n verhouding van 2:1, dit wil sê dat die vlottende bates tweekeer die vlottende laste behoort te wees. Die vuurproefverhouding is dieselfde as die vlottende verhouding, behalwe dat die voorraad by vlottende bates uitgesluit word. 'n Vuisreëlverhouding dui op 1:1, dit wil sê dat die vlottende bates met uitsluiting van die voorraad aan die vlottende laste gelyk is.

6.7.1 Die vlottende verhouding

Die gemiddelde vlottende verhouding van die 15 NVPM'e is 0,54:1 soos blyk uit in tabel 6.2, kolom 1. Vir groot, middelgroot en klein markte is die

verhoudings onderskeidelik 0,89:1, 0,58:1 en 0,14:1. Vir ondernemings in die privaatsektor dui hierdie soort vlottende verhoudings in die algemeen op 'n baie swak likiditeit.

By plaaslike owerhede wat normaalweg die skuld van die markte "waarborg", is die swak likiditeit minder onrusbarend, veral aangesien vlottende bates sowel as vlottende laste, relatief tot die totale bates, onbeduidend is. Die 15 NVPM'e dra geen of relatief onbeduidende voorrade en daar is min sin in om die vuurproefverhoudings te bereken, aangesien hulle min of meer dieselfde sal wees as die vlottende verhoudings.

Vir die individuele markte skommel die vlottende verhouding aansienlik, naamlik 49,82:1 vir Pietermaritzburg tot 0,09:1 vir Welkom. Dit is tog opvallend dat die vlottende verhouding vir groot markte met 0,89:1 die hoogste is, terwyl dié van klein markte teen 0,14:1 baie laag is.

TABEL 6.2
Vergelyking tussen die likiditeits- en solvabiliteitsverhoudings van individuele markte

	Vlottende verhouding	Persentasie munisipale belang %
Johannesburg	0,93:1	92,22
Pretoria	9,32:1	99,89
Durban	1,33:1	84,83
Kaapstad	0,03:1	98,08
Groot markte	0,89:1	94,18
Port Elizabeth	0,53:1	93,12
Oos-Londen	0,13:1	76,18
Bloemfontein	1,00:1	98,38
Pietermaritzburg	49,82:1	85,16
Springs	0,46:1	69,11
Klerksdorp	0,98:1	93,95
Middelgroot markte	0,58:1	85,80
Welkom	0,09:1	42,20
Kimberley	1,00:1	97,11
Uitenhage	0,29:1	91,69
Vereeniging	0,13:1	64,29
Witbank	29,00:1	76,33
Klein markte	0,14:1	64,59
Totaal	0,54:1	89,56
Kolom	1	2

6.8 SOLVABILITEITSVERHOUDINGS

Solvabiliteit kan omskryf word as die mate waarin die onderneming se bates die laste op die langtermyn oorskry. Waar die likiditeitsverhouding die vermoë van die onderneming aandui om sy korttermyn verpligtinge na te kom, bepaal die solvabiliteitsverhouding die oorwaarde van die totale bates, bo die totale laste. Die verskil verteenwoordig die eienaarsbelang. Indien die eienaarsbelang negatief is, beteken dit dat die totale laste groter is as die totale bates in welke geval die onderneming insolvent is. Solvabiliteit kan gemeet word deur die eienaarsbelang in 'n persentasie van totale bates uit te druk. Dit is in hoofstuk 5 in tabelle 5.3 tot 5.5 gedoen.

6.8.1 Munisipale belang in persentasie van totale bates

Die munisipale eienaarsbelang uitgedruk in 'n persentasie van totale bates en wat in tabelle 5.3 tot 5.6 bereken is, is in tabel 6.2, kolom 2 opgesom. Die gemiddelde syfer vir die 15 NVPM'e beloop 89,56%, wat in vergelyking met die norme in die privaatsektor, relatief hoog is. By die groot markte is die belang die hoogste, naamlik 94,18%, terwyl dit vir klein markte teen 64,59% die laagste is. Welkom met 42,20% het die laagste persentasie munisipale belang, met Vereeniging en Springs tweede en derde laagste met 64,29% en 69,11% onderskeidelik. Nie minder nie as agt van die 15 NVPM'e toon hier persentasies van meer as 90%, wat besonder hoog is.

6.9 SLOTPMERKINGS

- Volgens kolom 4 van tabel 6.1 is die omsetsnelheid van die aktiewe bates soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
	Aantal keer per jaar			
Gemiddelde omsetsnelheid van die aktiewe bates	0,13	0,09	0,08	0,11

Dit wil dus voorkom asof daar 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde omsetsnelheid van hul aktiewe bates bestaan.

- Volgens kolom 5 van tabel 6.1 is die gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste	36,28%	39,37%	24,95%	36,24%

In die geval is die gemiddelde winsmarge op die totale bruto inkomste die hoogste vir die middelgroot markte - hoofsaaklik omdat die Springsmark (51,84%) en die Klerksdorpmark (51,59%) heelwat bo die gemiddelde van 39,37% vir die middelgroot markte is; en ook omdat die winsmarge vir die Johannesburgmark (25,59%) heelwat laer is as die gemiddelde van 36,28% vir die groot markte.

- Volgens kolom 6 van tabel 6.1 is die gemiddelde opbrengs op die aktiewe bates soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde opbrengs op die aktiewe bates	4,58%	3,53%	1,96%	4,06%

Hier skyn daar weer eens 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde opbrengs op hul aktiewe bates te wees.

- Volgens kolom 2 van tabel 6.2 is gemiddelde munisipale belang in die totale bates soos volg:

	Groot markte	Middelgroot markte	Klein markte	Al die markte
Gemiddelde munisipale belang in die totale bates	94,18%	85,80%	64,59%	89,56%

Ook hier skyn 'n duidelike verhouding tussen die grootte van die markte en die gemiddelde munisipale belang en die totale bates van die markte te wees.

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle: 15 NVPM'e

7.1 INLEIDING

Die diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle van die 15 NVPM'e is gegrond op die finansiële jaar wat gedurende 1989 geëindig het.

In tabel 7.1 word sekere statistiese gegewens gegee waaruit 7 verhoudingsgetalle vir die 4 groot NVPM'e bereken is.

Tabelle 7.2 tot 7.4 bevat dieselfde gegewens vir die 6 middelgroot NVPM'e, die 5 klein NVPM'e en al 15 die NVPM'e gesamentlik.

Die statistiese gegewens in tabelle 7.1 tot 7.4 bestaan uit die volgende:

- geldwaarde van produkte hanteer gedurende die jaar
- tonnement van produkte hanteer gedurende die jaar
- totale markgelde ingevorder gedurende die jaar
- totale oppervlakte van die onderdak marksale
- oppervlakte van die koel- en rypmaakgeriewe en
- Die bruto inkomste uit die koel- en rypmaakgeriewe.

Elkeen van die verhoudingsgetalle in die tabelle word vervolgens kortliks bespreek.

7.2 DIE GROOT MARKTE

Die diverse verhoudingsgetalle vir groot markte verskyn in tabel 7.1.

7.2.1 Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989

Die syfer behoort teoreties 5,00% te beloop, aangesien dit die markgelde is wat deur die markte gevra word. Johannesburg, Pretoria en Durban is baie na aan 5,00%, terwyl Kaapstad se syfer van 4,87 effens onderkant die merk is.

TABEL 7.1

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – groot markte

	Eenheid	Johannesburg	Pretoria	Durban	Kaapstad	Totaal
STATISTIESE INLIGTING						
Geldwaarde van produkte hanteer	R	300 580 347	161 462 842	110 200 666	192 829 138	765 072 993
Tonnemaat van produkte hanteer	TON	590,135	357,125	245,838	442,828	1,635,926
Markgelde ingevorder	R	14 898 447	8 114 814	5 512 697	9 395 594	37 921 552
Oppervlakte: onderdak marksale	VK.M	68,296	40,525	20,520	48,500	177,841
Oppervlakte: koel- en rypmaakgeriewe	VK.M	5,562	4,125	5,871	6,400	21,958
Inkomste uit koel- en rypmaakgeriewe	R	850 000	507 492	337 578	797 575	2 492 645
VERHOUDINGSGETALLE						
Markgelde in % van waarde van produkte	%	4,96	5,03	5,00	4,87	4,96
Geldwaarde van produkte per ton	R	509,34	452,12	448,27	435,45	467,67
Markgelde per ton per jaar	R	25,25	22,72	22,42	21,22	23,18

TABEL 7.1 (vervolg)
Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – groot markte

	Eenheid	Johannesburg	Pretoria	Durban	Kaapstad	Totaal
Onderdak marksale:						
Geldwaarde van produkte per vierk meter per jaar	R	4 401,14	3 984,28	5 370,40	3 975,86	4 302,01
Markgelde per vierkante meter per jaar	R	218,15	200,24	268,65	193,72	213,23
Tonnemaat per vierkante meter per jaar	TON	8,64	8,81	11,98	9,13	9,20
Koel- en rypmaakgeriewe:						
Inkomste per vierkante meter per jaar	R	152,82	123,03	57,50	124,62	113,52

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle: 15 NPPM'e

7.2.2 Die geldwaarde per jaar per ton produkte hanteer

Die geldwaarde van produkte per ton is die hoogste vir die Johannesburg-mark teen R509,34 per ton, terwyl die laagste syfer van R435,45 per ton op die Kaapstadmark behaal is.

7.2.3 Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar

Die verhoudingsgetal is in werklikheid 'n kombinasie van die vorige twee en die resultaat is dus ook soortgelyk. Johannesburg is die hoogste met R25,25 en Kaapstad die laagste met R21,22.

7.2.4 Die geldwaarde van produkte verkoop per m² onderdak marksaal per jaar

Die geldwaarde van produkte verhandel per m² onderdak marksaal-oppervlakte per jaar is die hoogste op die Durbanmark teen R5 370,40. Die tweede hoogste is Johannesburg met R4 401,14, terwyl die syfers vir Pretoria en Kaapstad, met onderskeidelik R3 984,28 en R3 975,86, baie na aan mekaar lê.

7.2.5 Die markgelde per m² onderdak marksaal per jaar

Die resultate vir die verhoudingsgetal is baie soortgelyk aan dié in 7.2.4 hierbo; die resultate is dus ook soortgelyk met die hoogste syfer vir Durban teen R268,65 per jaar en Kaapstad die laagste teen R193,72 per jaar.

7.2.6 Die tonnemaat produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die grootste tonnemaat hanteer per m² onderdak marksaal is behaal op die Durbanmark met 11,98 ton per jaar. Die tweede hoogste was Kaapstad met 9,13 ton terwyl Pretoria en Johannesburg onderskeidelik 8,81 ton en 8,64 ton behaal het.

7.2.7 Die bruto inkomste per m² koel- en rypmaakgeriewe per jaar

Die hoogste bruto inkomste per m² koel- en rypmaakgeriewe is by die Johannesburgmark behaal met R152,82 per jaar, terwyl die laagste syfer van R57,50 by die Durbanmark voorgekom het.

7.3 DIE MIDDELGROOT MARKTE

Die diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle vir middelgroot markte verskyn in tabel 7.2.

7.3.1 Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989

Die syfer behoort teoreties 5,00% te beloop, aangesien dit die markgelde is wat deur die NVPM'e gehef word. Bloemfontein, Pietermaritzburg, Springs

TABEL 7.2
Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – middelgroot markte

	Een- heid	Port Elizabeth	Oos- Londen	Bloem- fontein	Pieter- maritzburg	Springs	Klerks- dorp	Totaal
STATISTIESE INLIGTING								
Geldwaarde van produkte hanteer	R	42 056 392 40	124 778 36	481 904 42	048 998 48	881 332 30	675 466 232	268 870
Tonnemaat van produkte hanteer	TON	117,846	88,707	81,657	102,938	93,836	71,646	556,630
Markgelde ingevorder	R	2 163 047	1 878 485	1 827 498	2 115 156	2 844 158	1 541 350	11 569 694
Oppervlakte: onderdak marksale	VK.M	22,353	20,109	10,868	12,146	11,800	9,873	87,149
Oppervlakte: koel- en ryp- maakgeriewe	VK. M	1,887	1,950	998	674	816	623	6,948
Inkomste uit koel- en ryp- maakgeriewe	R	229 018	292 886	208 805	138 423	64 888	124 001	1 058 021
VERHOUDINGSGETALLE								
Markgelde in % van waarde van produkte%		5,14	4,68	5,01	5,03	5,00	5,02	4,98

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle: 15 NVP/89

TABEL 7.2 (vervolg)
Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle - 1989 - middelgroot markte

	Een- heid	Port Elizabeth	Oos- Londen	Bloem- fontein	Pieter- maritzburg	Springs	Klerks- dorp	Totaal
Geldwaarde van produkte per ton	R	356,88	452,33	446,77	408,49	435,67	428,15	417,28
Markgelde per ton per jaar	R	18,35	21,18	22,38	20,55	21,78	21,51	20,79
Onderdak marksale:								
Geldwaarde van produkte per vierk. meter per jaar	R	1 881,47	1 995,36	3 356,82	3 461,96	3 464,52	3 107,01	2 665,19
Markgelde per vierkante meter per jaar	R	96,77	93,42	168,15	174,14	173,23	156,12	132,76
Tonnemaat per vierkante meter per jaar	TON	5,27	4,41	7,51	8,48	7,95	7,26	6,39
Koel- en rypmaakgeriewe:								
Inkomste per vierkante meter per jaar	R	121,37	150,20	209,22	205,38	79,52	199,04	152,28

en Klerksdorp is baie na aan 5,00%, maar Port Elizabeth teen 5,14% is effens hoër, en Oos-Londen teen 4,68% is effens laer as 5,00%.

7.3.2 Die geldwaarde per ton produkte hanteer per jaar

Die syfer is die hoogste in Oos-Londen teen R452,33 en die laagste in Port Elizabeth teen R356,88 terwyl die gemiddelde vir die 6 middelgroot NVPM'e R417,28 bedra.

7.3.3 Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar

In werklikheid is die syfer 'n kombinasie van die vorige twee verhoudingsgetalle. Die resultaat is dat Bloemfontein (R22,38) die hoogste syfer toon en Port Elizabeth (R18,35) nog steeds die laagste. Oos-Londen toon nou R21,18, vergeleke met die gemiddelde van R20,79.

7.3.4 Die geldwaarde van produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die syfer is die hoogste in Springs (R3 464,52) en die laagste in Port Elizabeth (R1 881,47). Die gemiddelde vir die 6 middelgroot markte is R2 665,19.

7.3.5 Die markgelde per m² onderdak marksaal per jaar

Bogenoemde markgelde is die hoogste in Pietermaritzburg teen R174,14 en die laagste in Oos-Londen teen R93,42. Die gemiddelde vir die 6 middelgroot markte is R132,76.

7.3.6 Die tonnemaat produkte hanteer per m² onderdak

Die gemiddelde vir die 6 middelgroot markte is 6,39 ton per jaar. Vier van die 6 markte se syfers is hoër as die gemiddelde met Pietermaritzburg die hoogste teen 8,48 ton; die ander 2 is laer, met Oos-Londen die laagste teen 4,41 ton en Port Elizabeth tweede laagste teen 5,27 ton.

7.3.7 Die bruto inkomste per m² koel- en rypmaakgeriewe per jaar

Die syfer is die hoogste in Bloemfontein teen R209,22, die laagste in Springs teen R79,52 en die gemiddelde vir die 6 middelgroot markte is R152,28.

7.4 DIE KLEIN MARKTE

Die diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle vir klein markte verskyn in tabel 7.3.

7.4.1 Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989

Die syfer behoort in teorie 5,00% per jaar te beloop aangesien dit die markgelde is wat deur die NVPM'e gehef word. Al 5 die klein markte het 5,00% of hoër behaal met Vereeniging die hoogste teen 5,07%.

TABEL 7.3
Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – klein markte

	Een- hied	Welkom	Kimberley	Uitenhage	Ver- eeniging	Witbank	Totaal
STATISTIESE INLIGTING							
Geldwaarde van produkte hanteer	R	16 905 149	13 027 492	7 065 660	22 992 536	7 934 166	67 925 003
Tonnemaat van produkte hanteer	TON	37,924	31,985	22,922	58,865	24,504	176,200
Markgelde ingevorder	R	849 784	651 390	353 283	1 166 154	398 742	3 419 353
Oppervlakte: onderdak marksale	VK. M	8,208	7,442	3,678	19,017	3,610	41,955
Oppervlakte: koel- en rypmaakgeriewe	VK. M	475	1,200	0	900	200	2,775
Inkomste uit koel- en rypmaakgeriewe	R	72 297	54 953	0	63 546	17 200	207 996
VERHOUDINGSGETALLE							
Markgelde in % van waarde van produkte	%	5,03	5,00	5,00	5,07	5,03	5,03
Geldwaarde van produkte per ton	R	445,76	407,30	308,25	390,60	323,79	385,50

TABEL 7.3 (vervolg)

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle - 1989 - klein markte

	Een- hied	Welkom	Kimberley	Uitenhage	Ver- eeniging	Witbank	Totaal
Markgelde per ton per jaar	R	22,41	20,37	15,41	19,81	16,27	19,41
Onderdak marksale:							
Geldwaarde van produkte per vierk meter per jaar	R	2 059,59	1 750,54	1 921,06	1 209,05	2 197,83	1 619,00
Markgelde per vierkante meter per jaar	R	103,53	87,53	96,05	61,32	110,45	81,50
Tonnemaat per vierkante meter per jaar	TON	4,62	4,30	6,23	3,10	6,79	4,20
Koel- en rypmaakgeriewe:							
Inkomste per vierkante meter per jaar	R	152,20	45,79	0,00	70,61	86,00	74,95

7.4.2 Die geldwaarde per ton produkte hanteer per jaar

Die geldwaarde per ton wissel van R308,25 per jaar in Uitenhage tot R445,76 in Welkom en toon 'n gemiddelde vir die 5 klein markte van R385,50.

7.4.3 Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar

Die syfer is in werklikheid 'n kombinasie van die vorige twee verhoudingsgetalle. Uitenhage het nog steeds die laagste syfer teen R15,41 en Welkom die hoogste teen R22,41. Die gemiddelde is R19,41 vir al 5 klein markte.

7.4.4 Die geldwaarde van produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die gemiddelde geldwaarde van die produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar deur die 5 klein markte is gelyk aan R1 619,00 wat deur vier van die 5 klein markte oortref is met Witbank teen R2 197,83 die hoogste en slegs Vereeniging teen R1 209,05 onder die gemiddelde van R1 619,00.

7.4.5 Die markgelde per m² onderdak marksaal per jaar

Die syfer is die hoogste in Witbank (R110,45) en die laagste in Vereeniging (R61,32) met 'n gemiddelde van R81,50 vir al 5 klein markte.

7.4.6 Die tonnemaat produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die tonnemaat produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar, is die hoogste in Witbank teen 6,79 ton en die laagste in Vereeniging teen 3,10 ton. Die gemiddelde vir die 5 klein markte is 4,20 ton.

7.4.7 Die bruto inkomste per m² koel- en rypmaakgeriewe per jaar

Die gemiddelde van R74,95 per m² koel- en rypmaakgeriewe per jaar is vir slegs 4 klein markte aangesien die Uitenhagemark nie oor koel- en rypmaakgeriewe beskik nie. Die hoogste syfer is deur Welkom (R152,20) en die laagste deur Kimberley (R45,79) behaal.

7.5 AL DIE MARKTE

Die diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle vir al 15 NVPM'e verskyn in tabel 7.4.

7.5.1 Die markgelde in 'n persentasie van die geldwaarde van die produkte hanteer gedurende 1989

Die syfer behoort teoreties 5,00% te beloop, aangesien dit die markgelde is wat deur die NVPM'e gehef word. Die klein markte het 'n gemiddelde van 5,03% behaal, terwyl beide die groot en middelgroot markte baie naby aan

TABEL 7.4
Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – alle markte

	Eenheid	Groot markte	Middelgroot	Klein markte	Alle markte
STATISTIESE INLIGTING					
Geldwaarde van produkte hanteer	R	765 072 993	232 268 870	67 925 003	1 065 266 856
Tonnemaat van produkte hanteer	TON	1,635,926	556,630	176,200	2,368,756
Markgelde ingevorder	R	37 921 552	11 569 694	3 419 353	52 910 599
Oppervlakte: onderdak marksale	VK. M	177,841	87,149	41,955	306,945
Oppervlakte: koel- en rypmaakgeriewe	VK. M	21,958	6,948	2,775	31,681
Inkomste uit koel- en rypmaakgeriewe	R	2 492 645	1 058 021	207 996	3 758 662
VERHOUDINGSGETALLE					
Markgelde in % van waarde van produkte	%	4,96	4,98	5,03	4,97
Geldwaarde van produkte per ton	R	467,67	417,28	385,50	449,72
Markgelde per ton per jaar	R	23,18	20,79	19,41	22,34

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle: 15 N/PM'e

TABEL 7.4 (vervolg)

Diverse statistiese gegewens en verhoudingsgetalle – 1989 – alle markte

	Eenheid	Groot markte	Middelgroot	Klein markte	Alle markte
Onderdak marksale:					
Geldwaarde van produkte per vierk. meter per jaar	R	4 302,01	2 665,19	1 619,00	3 470,55
Markgelde per vierkante meter per jaar	R	213,23	132,76	81,50	172,38
Tonnemaat per vierkante meter per jaar	TON	9,20	6,39	4,20	7,72
Koel- en rypmaakgeriewe:					
Inkomste per vierkante meter per jaar	R	113,52	152,28	74,95	118,64

die 5,00% behaal het. Dit is die enigste verhoudingsgetal waar die syfer vir die klein markte hoër is as die syfers vir beide die middelgroot en groot markte.

7.5.2 Die geldwaarde per ton produkte hanteer vir 1989

Die syfer wissel van R467,67 vir die groot markte tot R385,50 vir die klein markte. Die gemiddelde vir al 15 NVPM'e is R449,72.

7.5.3 Die markgelde per ton produkte hanteer per jaar

Die syfer is 'n kombinasie van die vorige twee verhoudingsgetalle. Die groot markte het nog steeds die hoogste gemiddelde (R23,18) en die klein markte die laagste (R19,41).

7.5.4 Die geldwaarde van produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die geldwaarde van die produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar is die hoogste vir die vier groot markte waar die gemiddelde R4 302,01 is en die laagste vir die vyf klein markte waar die gemiddelde R1 619,00 is, en die gemiddelde vir al 15 die NVPM'e is R3 470,55.

7.5.5 Die markgelde per m² onderdak marksaal per jaar

Die markgelde per m² onderdak marksaal is die hoogste vir die groot markte teen 'n gemiddelde van R213,23 en die laagste vir die klein markte teen R81,50. Daar is dus 'n relatief groot gaping tussen die syfers vir die groot en klein markte.

7.5.6 Die tonnemaat produkte hanteer per m² onderdak marksaal per jaar

Die syfer wissel van 'n gemiddelde van 9,20 ton vir die groot markte tot 4,20 ton vir die klein markte. Die gemiddelde vir al die 15 NVPM'e is 7,72 ton.

7.5.7 Die bruto inkomste per m² koel- en rypmaakgeriewe per jaar

Die gemiddelde syfer is die hoogste vir die middelgroot markte (R152,28), gevolg deur die groot markte (R113,52) en die klein markte (R74,95). Hierdie is die enigste verhoudingsgetal waar die syfer vir die middelgroot markte hoër is as die syfers vir beide die groot en klein markte.

7.6 SLOTOPMERKINGS

Volgens tabel 7.4 wil dit voorkom asof daar 'n direkte verband tussen die grootte van die NVPM en die effektiewe benutting van daardie NVPM se onderdak marksaalvloeroppervlakte bestaan. Die redes is nie voor-die-hand-

liggend nie, onder andere omdat die verskillende produksamestellings by die verskillende NVPM'e nie vir die navorsers beskikbaar is nie. Die enigste uitsondering skyn die bruto inkomste van die koel- en rypmaakgeriewe te wees, waar die gemiddelde vir die middelgroot markte relatief hoër as die gemiddelde vir die groot markte is. Ook in die geval is die redes nie voor-die-hand-liggend nie.

Gebruik van die bevindinge van die ondersoek

8.1 INLEIDING

Daar is 'n relatief groot hoeveelheid inligting ingesamel en verwerk wat in hoofstukke 3 tot 7 en in bylaes B1 tot B15 verskyn. Die inligting is in 'n bedryfsvergelykende vorm verwerk en die gebruiksnut en voordele wat dit vir markbesture inhou, word in die hoofstuk bespreek.

8.2 BEDRYFSVERGELYKENDE INLIGTING OOR DIE 15 NVPM'e

8.2.1 Omskrywing van bedryfsvergelyking

Bedryfsvergelyking kan omskryf word as die gereelde uitruil van inligting oor 'n reeks sleutelaktiwiteite, gewoonlik in die vorm van syfers (getalle, bedrae en persentasies), tussen min of meer soortgelyke ondernemings in dieselfde bedryfstak. Om die vertroulikheid van individuele inligting te verseker, is dit verkieslik dat die verwerking en uitruiling van die bedryfsvergelykende statistiek deur 'n onafhanklike instansie gedoen word. Die doel van die uitruil van die inligting is om ondernemings in staat te stel om hul eie resultate te kan vergelyk met die resultate van soortgelyke ondernemings in dieselfde bedryfstak. Dit word vergemaklik omdat die inligting wat ingesamel word, verwerk en gemiddeldes in die vorm van bedryfsvergelykende statistiek vrygestel word. Bedryfsvergelykende statistiek is 'n belangrike hulpmiddel vir die bestuur van 'n onderneming. Individuele ondernemings vergelyk gewoonlik hulle resultate met hul eie resultate van die verlede en met die interne doelwitte wat vooraf deur die onderneming self gestel is. Bedryfsvergelyking stel ogter 'n onderneming in staat om sy eie resultate te vergelyk met, en te beoordeel in die lig van, die resultate van min of meer soortgelyke ondernemings in dieselfde bedryfstak. Swakhede of tekortkominge waarvan die bestuur van 'n onderneming voorheen onbewus was, kan deur so 'n vergelyking en beoordeling van bedryfsvergelykende statistiek na vore

gebring word. So kan 'n verhoging in produktiwiteit en wins, vergeleke met die vorige jaar, op suksesvolle bestuur dui. Die vergelyking met die gegewens van soortgelyke ondernemings kan egter aantoon dat die "verhoging" in produktiwiteit en wins, vergeleke met die bedryfstaknorme, relatief swak en onbevredigend is. Omgekeerd kan bedryfsvergelyste statistiek egter ook aantoon dat die laer netto wins, of selfs 'n netto verlies, vir 'n bepaalde onderneming nog steeds heelwat beter as die resultate van soortgelyke ondernemings in dieselfde bedryfstak is. Die soort inligting kan die bestuur van 'n onderneming waardevolle tyd en moeite bespaar met die ondersoek na die redes vir die onbevredigende resultate van die onderneming. Die regstellende optrede wat hieruit kan voortspruit, behoort nie alleen die produktiwiteit van individuele ondernemings te verhoog nie, maar behoort trouens 'n gunstige invloed op die produktiwiteit in die land as geheel te hê.

8.2.2 Toepassings van die beskikbare bedryfsvergelyste inligting oor die 15 NVPM'e

Die belangrikste skaars hulpbronne van die 15 NVPM'e is waarskynlik die marksaalvloeroppervlakte en die markpersoneel. 'n Bedryfsvergelyste van die benutting van die belangrike skaars hulpbronne kan gedoen word met die hulp van die inligting wat deur die navorsers ingesamel en verwerk is. So 'n bedryfsvergelyste sal die markbestuur en ander belanghebbendes in staat stel om die prestasie van hul eie mark, met dié van min of meer soortgelyke NVPM'e en/of van al die NVPM'e, te vergelyk en te beoordeel. 'n Ontleding van die onderliggende redes vir enige tekortkominge wat deur die bedryfsvergelyste syfers uitgewys is, kan dan indiepte deur die betrokke markbestuur gedoen word. Regstellende stappe kan hierna tot groot voordeel van eie mark en plaaslike inwoners geneem word.

8.2.3 Gebruik van die beskikbare bedryfsvergelyste inligting deur 'n bepaalde mark

Ter illustrasie van die gebruik van bedryfsvergelyste inligting soos hierbo uiteengesit, moet daar eerstens gelet word op die massa gegewens wat oor elk van die 15 markte in bylaes B1 tot B15 van die verslag vervat is (dit wil sê een bylae vir elke mark).

Die NVPM'e is in 4 groot, 6 middelgroot en 5 klein markte verdeel, en elkeen van bylaes B1 tot B15 is inderdaad 'n bondige bedryfsvergelyste van die resultate van 'n bepaalde mark met die gemiddeldes vir:

- ▣ al 15 NVPM'e en
- ▣ die ander markte wat in dieselfde orde grootte val.

In elkeen van die 15 bylaes waarin 'n bepaalde mark se resultate bespreek word, is daar 'n hele paar riglyne oor daardie mark se posisie in vergelyking met al die ander markte, onder andere op die grondslag van:

- die totale omset
- die totale onderdak marksaal en
- die totale oppervlakte van die koel- en rypmaakgeriewe.

Boonop is daar 'n aanduiding van welke ander mark, op die grondslag van die totale omset, net groter en net kleiner as die bepaalde mark is.

In die geval van die Oos-Londenmark byvoorbeeld, word daar in bylae B6 aangedui dat die Oos-Londenmark, op die grondslag van omset, die agste grootste mark is en dat die Springsmark die sewende grootste en die Bloemfonteinmark die negende grootste mark is. As die markbestuur van die Oos-Londenmark hul resultate wil vergelyk met dié van ander NVPM'e sal daar hoofsaaklik uit drie oogpunte na die resultate gekyk word, naamlik:

- die vergelyking wat alreeds in bylae B6 gedoen is
- die resultate van die mark wat net groter as die Oos-Londenmark is, naamlik die Springsmark (bylae B13); en
- die resultate van die mark wat net kleiner as die Oos-Londenmark is, naamlik die Bloemfonteinmark (bylae B7).

'n Bedryfsvergelyking is nie 'n metode om bestuursprobleme op te los nie, maar suiwer 'n hulpmiddel om afwykings uit te wys en te kwantifiseer. Wanneer die afwykings bepaal is, kan 'n doelgerigte ondersoek ingestel word na bepaalde aspekte van, byvoorbeeld, 'n uitgawepos wat persentueel relatief hoog is in vergelyking met:

- die gemiddelde vir markte van dieselfde ordegrootte
- die gemiddelde vir die mark wat net groter of net kleiner as die bepaalde mark is en
- die gemiddelde vir al die markte.

Daaruit kan vrae geformuleer word vir diepergaande ondersoek, byvoorbeeld:

- Waarom is die totale personeelkoste 10,55 persentasie punte hoër as die gemiddelde vir markte in dieselfde ordegrootte en 11,78 persentasie punte hoër as die gemiddelde vir al die markte?
- Is die redes vir die hoër koste moontlik minder meganisering as by die ander markte, of laer produktiwiteit weens onvoldoende toesig, of groter onbenutte onderdak marksaaloppervlakte?

Die voorgaande is slegs enkele riglyne vir die praktiese gebruik van die inligting in die verslag vervat. Die inligting kan op soortgelyke wyse gebruik word om elke uitgawe- en inkomstepos te ontloed, om afwykings uit te wys, om die probleem te bepaal en oplossings te vind wat tot verbeterde resultate van die mark kan lei.


8.3 AANWENDING VAN DIE BEDRYFSVERGELYKENDE INLIGTING BESKIKBAAR UIT DIE HUIDIGE ONDERSOEK

Die inligting wat ingesamel en verwerk is en in hoofstukke 3 tot 7 en bylaes B1 tot B15 weergegee word, bevat in der waarheid belangrike basiese inligting wat nodig mag wees om die aanbevelings van die ander ondersoekte te kwantifiseer. Die inligting sal ook uiters nuttig wees om voorstelle van 'n kwalitatiewe aard, uit watter oord ookal, tot kwantitatiewe voorstelle uit te bou.

In die lig hiervan het die navorsers nie ondersoek ingestel na moontlike addisionele bronne van inkomste vir NVPM'e nie en ook nie na die moontlikheid of die huidige bronne van inkomste op 'n ander grondslag ingevorder moet word nie. Die rede is hoofsaaklik omdat dit duidelik na vore gekom het tydens die gestruktureerde onderhoude dat slegs varsvrugte en -groente op die NVPM'e hanteer behoort te word, en omdat toekomstige veranderings in die bedryfsvoering op die NVPM'e uiteraard verskeie ander invorderingsmetodes kan insluit.

8.4 SLOTOPMERKINGS

Soos in die vorige sewe hoofstukke word geen aanbevelings in die hoofstuk gemaak nie. Die bedryfsvergelykende inligting wat in hoofstukke 3 tot 7 en bylaes B1 tot B15 vervat is, kan met die hulp van hierdie hoofstuk met groot nut deur al die markte en ander belanghebbendes gebruik word.



Doc no 286788
Copy no 287174



R68,00